


# Koringfokus

VOL 37.6

NOVEMBER • DESEMBER 2019

# Wheat focus



**Wheat quality report**

**Nampo Kaap floerer**

**Grading regulations implemented**

# ENRICH THE LIVES OF THOSE WHO PRODUCE AND THOSE WHO CONSUME, ENSURING PROGRESS FOR GENERATIONS TO COME



## We help farms and farmers flourish

Together we forge meaningful relationships that advance the Ag industry. We earn the trust of customers and consumers by doing what is right and delivering solutions that meet their changing needs.



## We strive to be the most trusted partner

Through our partnerships and ongoing involvement in the global agriculture and food community, we earn the confidence of those who produce and consume.



## We perform with speed, productivity, efficiency, and safety

Employees are thoughtful and empowered to act with speed and flexibility, while operating within well-articulated values and measures of success.



## We constantly innovate from the outside-in




We draw upon diversity of industries, sectors and technologies. All of our employees seek and embrace an external mindset – regardless of role or discipline.



Corteva Agriscience™, the Agriculture Division of DowDuPont™ is a global research and development company and a leader in the market.

We are continuously developing solutions that balance human needs with the preservation of our environment.

Visit us at [corteva.co.za](http://corteva.co.za)

 [CortevaZA](#) on Facebook  
 [CortevaAME](#) on Twitter  
 [@Corteva](#) on Instagram

Paarl (021) 860 3620 • Centurion (012) 683 5700  
Emergency No. 082 887 8079  
Lakefield Building A, 2nd Floor,  
272 West Avenue, Centurion

 **CORTEVA**  
agriscience



# Koringfokus

## Wheat focus

VOL 37.6

NOVEMBER • DECEMBER 2019

### VOORBLADFOTO:

Vir winter- en besproeiingskoring het oestyd aangebreek. Ongelukkig het belowende oeste in die Overberg en Rûens 'n groot terugslag gekry weens omvangryke droogte, hoë temperature en windstorms.

REEDS 37 JAAR DIE ONAFHANKLIKE SPESIALIS-TYDSKRIF VIR DIE KLEINGRAANBEDRYF

THE INDEPENDENT SPECIALIST MAGAZINE FOR THE SMALL GRAIN INDUSTRY FOR THE PAST 37 YEARS

### Koringfokus / Wheat Focus

verskyn ses keer per jaar en word in samewerking met die koringbedryf saamgestel, wat insluit: LNR-Kleingraan; SA Graaninligtingsdiens; SA Graanlaboratorium

Gratis beskikbaar aan bona fide-kleingraanprodusente



**MEDIACOM**

### Uitgewer en eienaar

Adres vir redaksionele kopie, advertensies en intekenare:

**Mediacom  
Posbus 20250  
Noordbrug  
2552**

Tel: 018 293 0622  
E-pos: info@mediacom.co.za  
www.mediacomcc.co.za

**REDAKTEUR:** Willie Louw

**ADVERTENSIES:** Jana Greenall  
011 476 3702

**UITLEG:** Roelien van der Westhuizen  
072 930 6721

### KOPIEREG EN STANDPUNTE

© Kopiereg / Copyright: Ingevolge Artikel 12(7) van die Wet op Outeursreg Nr 98 van 1978 en enige wysigings word alle regte voorbehou. Standpunte en aansprake in advertensies en artikels word nie noodwendig deur Mediacom Bk en enige medewerkers / deelnemende instansies onderskryf nie. Die uitgewer behou die reg om taalversorging te doen aan bydraes wat vir publikasie ingedien word.



### AGRI-INFO

- 4 Instelling van invoertarif sloer steeds
- 4 Agri SA congress: Board elected
- 8 BFAP: Vooruitskouing 2019 tot 2028
- 13 Crop insurance as risk management tool
- 22 Agbiz Grain fokus op graan se oorsprong, gehalte, vervoer en mededinging
- 23 Neem vrag terug na treinspore, vra Transnet Spoorvrag
- 23 Graanheffings bewys sukses van SA se stelsel
- 24 Bewaringslandbou Wes-Kaap
- 27 SAB opens agricultural research and development facility
- 28 VKB-inligtingsdag
- 29 Success with match-making in cereal industry
- 30 Small Grain research: Embracing change, building partnerships



Valskommandowurm

6



### NAMPO KAAP

- 14 Gewilde Nampo Kaap kry 'n ekstra dag
- 16 Oorweeg peulgewasse se lewensvatbaarheid as alternatief
- 18 Kaapse boere wys hul planne



Nampo Kaap

14



### MARKET-INFO

- 5 New wheat grading regulations implemented
- 19 Wintergraan en kanola se oeste verklein, sê Oesskattingskomitee
- 20 SAGIS: Koring, gars, hawer en kanola se marksituasie
- 21 Sóveel produkte uit koring vervaardig



Boereplanne

18



### KLEINGRAAN

- 6 Valskommandowurm - oorvleuelende generasies lei tot opbou van motgetalle
- 10 QUALITY: 2018/19 season's LOCAL WHEAT CROP
- 11 QUALITY: 2018/19 season's IMPORTED WHEAT

# Instelling van invoertarief sloer steeds

**DIE KOMMISSIE VIR** internasionale handelsadministrasie (Itac), wat vir die aankondiging van koring se invoertarief in die Staatskoerant verantwoordelik is, het langer as twee maande geneem om die jongste tarief op 25 Oktober 2019 aan te kondig. Dit was egter 'n korter tydperk as die vorige aankondiging wat 101 dae geneem het.

Die tarief word aangepas volgens prysvlakke van die internasionale koringprys en het ten doel om, soos 'n basisprys, Suid-Afrikaanse koringprodusente teen dalende internasionale pryse te beskerm. Die tarief word met 'n formule bereken wat die verskil aandui tussen die internasionale prys en die Suid-Afrikaanse verwysingsprys, wat tans R279/ton is. Die tarief tree in werking (sneller) wanneer die verskil vir drie weke méér as \$10/ton is.

Op 20 September 2019 is die tarief van R958 verminder tot R664,70. Volgens die berekeningsformule en voorgeskrewe

tydperk het die tarief op 20 September 2019 weer gesneller om op R1 008,58 vasgestel te word.

Dit neem Itac gemiddeld sowat 56 dae om 'n nuwe tarief aan te kondig nadat die vereiste datum aangebreek het. Dié gemiddeld is bereken volgens Itac se aankondiging van die tarief in die afgelope vyf aanpassings.

Die lang tydperk wat dit neem om die aangepaste tarief af te kondig, word dikwels deur die bedryfsleiers gekritiseer omdat dit onsekerheid in die mark skep. Nog 'n punt van kritiek is dat die grootste voordeel uit 'n tariefverhoging nie ten gunste van produsente, die koringbedryf of verbruikers aangewend word nie, maar na die staatskas gaan.

In 2017 het Graan SA met 'n regsproses begin om die regering te dwing om die tarief aan te pas nadat dit geruime tyd gesloer het. ♣

## Koringtariefaanpassings September 2018 – Oktober 2019.

Datum waarop tariefaanpassing sneller	Gepubliseerde tarief (R/ton)	Publikasiedatum in Staatskoerant	Tydperk voor tariefaanpassing (dae)
12 Junie 2018	281,70	13 Julie 2018	31
10 Julie 2018	640,60	24 Aug 2018	45
14 Aug 2018	298,45	28 Sept 2018	45
11 Sept 2018	490,70	19 Okt 2018	38
12 Maart 2019	675,10	24 Mei 2019	43
14 Mei 2019	958	14 Junie 2019	31
11 Junie 2019	664,70	20 Sept 2019	101
20 Aug 2019	1 008,60	25 Oktober 2019	66

## Agri SA congress: Board elected

**AGRI SA ELECTED ITS** Board at the 2019 Congress in October. The Board is representative of the entire agricultural value chain, including Agri SA's provincial affiliates, commodity organisations and corporate members.

"It has been a tough year, but the agricultural sector is resilient," said Dan Kriek, re-elected Agri SA President. "The Board is familiar with the issues at hand and we are confident and committed to tackle these issues head-on."

Mr Kriek is a stud farmer in the Free State and has been active in Agri SA structures for several years, having served as

Free State Agriculture President and Agri SA Deputy President. This is his third term as Agri SA President.

### The Agri SA Board for 2019/20 is:

Dan Kriek (President), Pierre Vercueil (Deputy president), Phenias Gumede (Deputy president), Cornie Swart, Doug Stern, Francois Wilken, Jaco Minnaar, Niël Joubert, SK Makinana, Gerhard Diedericks, Rossouw Cillié, Nic Bronkhorst, Dr Charlotte Nkuna (independent director) and Dr Kathy Hurley (independent director). ♣

# New wheat grading regulations implemented

**Mariana Purnell**

AGBIZ GRAIN

Agbiz e-Newsletter 11 October 2019

**Due to the necessity to have uniform grading rules for the duration of a wheat marketing season, the Wheat Forum steering committee unanimously reconfirmed the endorsement of proposed amendments to the Grading Regulations at a special meeting on 1 October 2019. The amendments were approved by the Minister of Agriculture but promulgation was pending, due to the prescribed WTO process and the submission thereof by the Department to the Government Printers. Special dispensation was granted by the Executive Officer in the Directorate: Food Safety and Quality Assurance of the Department of Agriculture, Forestry and Fisheries to all market role-players to deviate from the current regulations until the new regulations are published.**

**I**N 2014, THE ROLE-PLAYERS of the wheat value chain launched an initiative to revive the wheat industry. It was a collective decision of the grain industry to come together and discuss action plans to revive the wheat industry. The result was a proposal containing numerous suggestions to rein-vigorate the industry. Suggestions to revive the industry, including proposed changes to the wheat grading regulations, were discussed for the first time at a meeting of the Wheat Forum working group for trading on 15 October, 2014.

Interestingly enough, all millers were of the opinion that they would prefer domestic wheat with a constant 11,5% protein as a basis for their milling grist. This was put so strongly that the rest of the industry got the impression that premiums for very high protein local wheat might not be generally available on a volume basis. It seems that improved milling equipment and other innovations reduced the milling industry's reliance on "high protein" wheat.

This revelation also challenged the approach of some producers who focused on producing high quality/high protein wheat. It became clear that by focussing on the "right quality" wheat (+11,5% protein) as outlined by the milling industry, producers might be more profitable as yields can then be improved.

Soon thereafter, the Wheat Forum Steering Committee began discussing amendments to grading regulations for bread wheat which culminated in the submission of new bread wheat regulations during 2019. The Wheat Forum steering committee, which represents all the directly affected parties of the wheat industry, including the JSE, producers, storage operators and traders as well as the millers and bakers, all decided it was imperative to institute the amendments to grading regulations for bread wheat on 1 October 2019 to avoid a situation where the industry may end up with two different delivery processes.

The Department of Agriculture confirmed that the proposed amendments to the Grading Regulations for Bread Wheat were approved by the Minister of Agriculture on 20 September 2019 and were to be published in the Government Gazette. However, it soon became evident that promulgation was pending, due to the prescribed WTO process and the submission thereof by the Department to the Government Printers.

Despite the subsequent unexpected delays at the Department of Agriculture with promulgation of the Regulations, the Wheat Forum steering committee strongly felt that it was

imperative for one set of Grading Regulations to apply during a particular marketing season. For this reason, the decision taken by the Committee on 9 September 2019, that bread wheat is to be graded in terms of the amended Grading Regulations for Bread Wheat with effect from 1 October 2019, was maintained.

To allay fears in the market place, the Wheat Forum steering committee, unanimously reconfirmed the endorsement of the proposed amendments to the Grading Regulations at a special meeting on 1 October 2019. The main reason for this step is the necessity to have uniform grading rules for the duration of a wheat marketing season.

The Committee accepted that this decision to implement the Regulations on 1 October 2019, in the absence of the formal promulgation thereof, may create uneasiness under market role-players regarding the legal status of the Regulations. Market role-players were thus advised by the Wheat Forum to address legal challenges and uneasiness by trading on the basis of "Class Other" wheat in terms of the existing Grading Regulations, but using the specifications as set out in the amendments that are to be published. This will avoid potential complications with two sets of grading criteria within one season, and at the same time address any uneasiness regarding the legality of the grading norms.

Since these amendments were agreed upon by the industry role players with the understanding that it would be implemented in the new wheat season, commencing 1 October 2019, the JSE adopted the new grading specifications with effect from 1 October 2019.

The JSE was very clear regarding its position (Market Notice 282/2019 dated 13 September 2019, as well as Market Notice 306/2019 and Market Notice 307/2019 dated 3 October 2019) to proceed under the new grading specifications from 1 October 2019. Only stock delivered during October for September futures expiries will continue to be delivered under the old grading specifications until 31 October 2019.

For market role-players who deliver via the exchange in completion of futures obligations, the new grading specifications will continue to apply. If they deliver in the OTC market (where no futures positions were involved), then the JSE has no jurisdiction over those transactions and therefore delivery will take place based on the bilateral agreement between the two parties, and this can be different from the arrangement with the JSE. Once the government finally gazettes the new regulations, then all market participants will be aligned again. 🍷

# Valskommandowurm – oorvleuelende generasies lei tot opbou van motgetalle

**Goddy Prinsloo**  
LNR-KLEINGRAAN

Die monitering van die valskommandowurm gedurende die afgelope jaar het tot nuwe kennis van die plaag se populasiedinamika gelei. Hierdie sporadiese plaag het in 2010 gedurende 'n baie onverwagte uitbraak groot skade aan gars in Vaalharts en Douglas se omgewing aangerig.

**N**AVORSING OOR DIE valskommandowurm gedurende die afgelope paar jaar het daartoe gelei dat 'n eenvoudige voorspellingsmodel ontwikkel is op grond van die insek se lewensduur by verskillende temperature. Tans word die model in 'n opvolgende projek getoets wat deur AB InBev befonds word.

Monitering vind plaas in die gebiede van Skuinsdrif, Beestekraal en Koedoeskop, Vaalharts, Taung, Modderrivier, Luckhoff, Douglas en die droëland-produksiegebied van die Wes-Kaap.

Verskeie produsente is by die projek betrokke. Hulle monitor die motvlugpatrone met behulp van feromoonvalle en die inligting word na LNR-Kleingraan gestuur. Hier word die data in grafieke omgeskakel en die verwagte lewensiklusduur word met behulp van 10-jaar

gemiddelde klimaatdata in die model getoets.

Vroeër in 2019 is berig dat die model daarop dui dat larwes in meeste gebiede wat gemonitor word regdeur die winter kan oorleef. Die model het ook uitgewys dat verskeie lewensiklusse gedurende 2019 se wintermaande kan begin en dat hierdie siklusse gedurende Oktober en November 2019 binne dae van mekaar kan uitborei.

## Wanneer gaan die ontploffing plaasvind?

Die verskillende gebiede se populasies verskil. In byvoorbeeld die Caledon-omgewing was daar baie motaktiwiteit tussen middel April en middel Julie (**Figuur 1**), terwyl daar byvoorbeeld in Koedoeskop 'n geleidelike styging van middel Junie tot middel September was.



**Valskommandowurm se mot.**

Aangesien die temperature tussen die gebiede verskil, het dit ook 'n invloed op die tydperk wanneer uitbrake kan plaasvind (**Figuur 2**).


Vir Caledon het die model voorspel dat daar tussen week 41 en 48 (middel Oktober en einde November) ongeveer 10 siklusse se motte kan uitborei. Motgetalle het egter reeds van middel September af begin toeneem en is nog steeds in 'n stygende fase. Aangesien die model se voorspellings gebaseer is op die afgelope 10 jaar se gemiddelde temperatuur, kan dit noodwendig beteken dat verskille tussen die huidige en die voorspelde tye mag ontstaan.

Die model kan gevolglik reeds 'n goeie aanduiding gee van wanneer 'n probleem verwag kan word, maar dit gaan ook belangrik wees om terselfdertyd die huidige temperature in berekening te bring sodat die probleem waargeneem kan word soos dit verloop.

## Lesse wat geleer word

Ons is gevolglik nou in die fase waar die

**Figuur 1: Caledon motgrafieke en duur van lewensiklus. Die blou pyltjies op die tweede grafiek dui die totale lewensiklusduur aan soos volgens die uitgewerkte model. Die rooi pyltjies op die derde grafiek dui net die larwale duur van die lewensiklus aan.**




prentjie besig is om te ontvou en waar ons aanpassings sal kan maak waar dit nodig is. Die model se voorspelling blyk nie ver uit die kol te wees nie en dit kan gebruik word om 'n goeie aanduiding van moontlike probleme te gee. Deur die model saam met die huidige temperature te volg is egter ook belangrik.

Verder moet in ag geneem word dat die wyfietmotte 'n sein van verrottende gras as stimulant gebruik om eiers te lê.

Dit impliseer dat nat verrottende gras iewers teenwoordig moet wees. Onder die huidige droogtetoestande is die grootste waarskynlikheid om geskikte gebiede vir eierlegging in die omgewing van spilpunte te vind. Indien niks anders in die omgewing beskikbaar is nie, behoort die motte hulle op hierdie relatief kleiner gebiede toe te spits sodat hulle kan oorleef en dit kan gevolglik tot 'n uitbraak bydra. Soortgelyke toestande

**Figuur 2: Koedoeskop motgrafieke en duur van lewensiklus. Die blou pyltjies op die tweede grafiek dui die totale lewensiklusduur aan soos volgens die uitgewerkte model. Die rooi pyltjies op die derde grafiek dui net die larwale duur van die lewensiklus aan.**



**Valskommandowurm se larwes.**

het in 2010 in Vaalharts en Douglas se gebiede voorgekom, wat tot die uitbraak aanleiding kon gee.

Kontak Goddy Prinsloo by 058 307 3435 of prinsloogj@arc.agric.za vir meer inligting. Die motgetalle kan ook op die LNR-Kleingraan se webtuiste onder produsente-inligting gevolg word.

Hierdie navorsing is moontlik gemaak deur die finansiële ondersteuning van AB InBev en die LNR. 🍷

## Continual improvement

in wheat cultivars and their performance since 1958.

[www.sensako.co.za](http://www.sensako.co.za)

Sensako has been at the forefront of breeding in South Africa for 60 years, and our wheat cultivars are tested and trusted by wheat producers to be the best.

Bethlehem +27 (0) 58 303 4690, Napier +27 (0) 28 423 3313, Langebaan +27 (22) 772 1611



# Vooruitskouing van landboustoestand 2019 tot 2028

**DIE BURO VIR VOEDSEL-** en Landboubeleid se basisverslag vir die dekade van 2019 tot 2028 sluit 'n hoofstuk oor die internasionale en plaaslike marksituasie vir wintergraan en oliesade in, asook oor plaaslike markvooruitsigte.

Die verslag dien as 'n basisriglyn van moontlike gebeure en nie as 'n voorspelling nie, daarom kan dit as een van vele hulpmiddels vir besluitneming benut word.

Die inligting in die verslag word gebaseer op aannames van verskeie ekonomiese, tegnologiese, omgewings-, politiese,

institusionele en maatskaplike faktore. Een van die BFAP se belangrike aannames is dat normale weerstoestande in Suider-Afrika en elders ter wêreld sal heers. Aannames van makro-ekonomiese toestande en vir internasionale kommoditeitsmarkte word op 'n kombinasie van projeksies gebaseer. Daaruit het die BFAP 'n stelselmodel vir hulle vooruitskouing ontwikkel.

Die verslag word deur kundige werknemers en medewerkers in die openbare, private en tersiêre sektor saamgestel, asook met behulp van internasionale organisasies. ♡

## Koring se produksie én verbruik kan toeneem

**IN DIE VOLGENDE** dekade kan koringopbrengs in die Wes-Kaap met bykans 30% toeneem al gaan die aangeplante oppervlakte in 'n geringe mate verminder, sê kundiges van Buro vir Voedsel- en Landboubeleid (BFAP) in hulle vooruitskouingsverslag van 2019 tot 2028.

Die kombinasie van oppervlakte en opbrengs kan Suid-Afrika se koringproduksie met 25% laat toeneem. Verbruik kan in dieselfde tydperk met 21% toeneem, danksy hoër inkomste van verbruikers, verstedeliking en bevolkingstoename.

Saam met 'n uitbreiding van aanplantings kan kanola se opbrengs tot in 2028 met 36% toeneem. Dit word aan die toenemende beskikbaarheid van kultivars met hoër opbrengs toegeskryf. Die BFAP se ontleders sê egter die verwagte verhoging in opbrengs is van die huidige lae opbrengsvlakke af bereken.

### SA se landboubeeld

In 2019 kan Suid-Afrika se bruto waarde van landbouproduksie dieselfde wees as in 2015. Met 2019 as basis kan landbou se bruto binnelandse waarde oor die kort termyn herstel, maar die BFAP verwag eers 'n volgehoue verbetering van 2023 af.

Vir die doeleindes van die basisverslag word landbou se algehele prestasie gemeet aan die prys van stapelvoedsel en werkskepping. 'n Mandjie stapelvoedsel se koste het van R479 in 2016 tot R425 in 2018 verminder. Vir die oorsigtydperk van 2019 tot 2028 verwag die ontleders dat die kosmandjie se koste met 6% gaan toeneem.

### Internasionale marksituasie: Wintergraan en oliesaad

Internasionale koringproduksie het in 2018/19 vir die eerste keer in vyf jaar afgeneem. Dit is gerugsteun deur minder aanplantings en laer opbrengste. Die Internasionale Graanraad verwag gevolglik vir die eerste keer in ses jaar 'n afname in voorraad.

Ná drie jaar waarin internasionale garsproduksie afgeneem het, verwag die Internasionale Graanraad 'n sterk toename in

2019/20, wat selfs die grootste in die afgelope tien jaar kan wees.

Volgens die BFAP kan moutgars se prys koring se prysneigings volg, maar terselfdertyd teen 'n premie verhandel, soos in die verlede. Weens Kanada se bydrae kan 2019/20 se oordragvoorraad van moutgars 'n nuwe rekordhoeveelheid bereik.

### Plaaslike marksituasie: Wintergraan en oliesaad

Koring, gars en kanola se bruto produksiewaarde het sedert 2017 ondanks laer pryse in 2018 toegeneem. Volgens die BFAP se ontledings het koring se waarde met 12% toegeneem, gars met 27% en kanola met 13%.

Vir die 2019-seisoen verwag die BFAP voorwaardelik dat produksiewaardes weens 'n swakker wisselkoers met 16% (koring), 21% (gars) en 25% (kanola) kan toeneem. Die voorwaarde is egter dat normale weerstoestande sal voorkom waaronder produksie kan toeneem. Die verwagte produksietoename vir koring is 6,5%, vir gars 7% en vir kanola 18%.

Ná 'n tydperk waartydens koringaanplantings in Suid-Afrika verminder het, het koring se oppervlakte in die afgelope vyf jaar gestabiliseer. Dit het volgens die BFAP gevolg op die verhoogde verwysingsprys wat die wisselende invoertarif in





2013 geaktiveer het. Terwyl die Vrystaat se koringoppervlakte op ongeveer 105 000 ha gestabiliseer het, het die oppervlakte in die Wes-Kaap se winterreëngedebied bestendig toegeneem en in 2018 was dit 63% van Suid-Afrika se totale koringaanplantings.

Vir die volgende dekade bereken die BFAP dat aanplantings in die Wes-Kaap effens gaan verklein en teen 2028 op sowat 300 000 ha te staan sal kom. Die kleiner aanplantings word toegeskryf aan die uitbreiding van gars tot sowat 125 000 ha en kanola tot sowat 110 000 ha.

Koringaanplantings in die Vrystaat kan tot in 2028 effens toeneem tot 110 000 ha. Volgens die BFAP se berekeninge gaan koring- en garsaanplantings in die besproeiingsgebiede nie noemenswaardig toeneem nie. Dit is vanweë die mededinging van alternatiewe gewasse, soos pekanneute.

Ingevoerde koringprodukte kan tot in 2028 effens afneem tot 43,5% van die land se behoefte. Met gars het Suid-Afrika se produksie sodanig toegeneem dat die land bykans self-

voorsienend is en na verwagting sal dié situasie tot in 2028 voortduur.

In die kanolabedryf, wat soos met moutgars deur een aankoper gekenmerk word, is die persvermoë van 175 000 ton voldoende tot in 2025. Volgens die BFAP se vooruitskouing sal die persvermoë daarna tot 195 000 ton vergroot moet word.

Na verwagting sal kanola se prys tussen invoer- en uitvoerpariteit verhandel, met 'n gemiddelde toename van 2,5% in die volgende dekade. Dit is egter minder as die inflasiekoers en beteken eintlik 'n verlaging van pryse.

Die belangrikste faktor in koring se prysbepaling in die volgende dekade gaan volgens die BFAP die stadige depressiasie van die wisselkoers wees. Dit word bereken met 'n aanname van sekere beleidsfaktore. Dit sluit in dat die koringbedryf se wisselende invoertarief behou word, dat die EU se heffingsvrye kwota van 300 000 ton invoer dieselfde bly en dat die verwysingsprys van US\$ 279 nie verander nie. ♣



## SA se koringboere swoeg om beste te lewer

**KORINGOPBRENGSTE VAN SUID-AFRIKA** se droëlandverbouing het volgens 'n ontleding van die Buro vir Voedsel- en Landboubeleid (BFAP) 'n agterstand in vergelyking met belangrike produksiestreke elders ter wêreld. Teenoor 'n gemiddeld van 3 ton/ha in die Suid-Kaap en 2,4 ton/ha in die Oos-Vrystaat van 2008 tot 2017, is die internasionale gemiddeld 5,2 ton/ha. Dit sluit koringopbrengste in Australië se koringstreek en Kansas-produksie in die VSA uit.

In die BFAP se vooruitskouing van 2018 tot 2029 is bevind dat Suid-Afrikaanse koringprodusente boonop meer finansiële bronne vir elke ton koring moet aanwend. Ter vergelyking word die BFAP se berekenings in Amerikaanse dollar gedoen.

Direkte gemiddelde produksiekoste van 'n ton koring in die Suid-Kaap beloop US\$ 149. Dit is ongeveer US\$ 56 duurder as die gemiddelde internasionale koste. In die Oos-Vrystaat beloop die gemiddelde produksiekoste US\$ 181.

Die rede vir hoër produksiekoste van droëlandverbouing in

Suid-Afrika is die lae opbrengs en duurder bemesting. In die Oos-Vrystaat is brandstofkoste veel hoër weens die hoeveelheid grondbewerkings om lande onkruidvry te hou.

Die BFAP se ontleding toon dat aansienlike verskille in mededinging voorkom tussen produsente van die noordelike en suidelike halfmond. In Suid-Afrika se geval is die laer opbrengste opmerklik wanneer dit met opbrengs in byvoorbeeld Duitsland, Pole, Rusland, die Oekraïne en Verenigde Koninkryk vergelyk word.

Gegewe Suid-Afrika se klimaat en hulpbronne, wonder die BFAP se ontleders tot watter mate produsente nog hul opbrengste kan verhoog. Volgehoue beleggings in produksiefaktore soos saadteling, aanwending van nuwe tegnologie en moderne boerderypraktyke is sleutelfaktore om opbrengste te verhoog en 'n land se mededingende posisie te verbeter.

“Ekonomiese lewensvatbaarheid bly egter die toets vir die aanwending van enige produksietegnologie,” sê die ontleders in hul BFAP-vooruitskouing. ♣

# QUALITY of the 2018/19 season's LOCAL WHEAT CROP

Jolanda Nortjé

THE SOUTHERN AFRICAN GRAIN LABORATORY npc

The 2018/19 season represented the twenty-first annual wheat crop quality survey. The aim of these surveys is to accumulate commercial wheat crop quality data on a national level to assist industry in decision making processes. A total of 337 wheat crop samples from 28 different regions throughout the wheat producing areas of South Africa were graded and analysed.

**T**HE AVERAGE HECTOLITER mass increased by 0,6 kg/hl to 81,3 kg/hl compared to the previous season. The nine-year average for determinations is 80,7 kg/hl. Eight samples reported values below the 77 kg/hl minimum level for grade B1 wheat. Of these, four samples originated in the Western Cape (Winter rainfall area) and two each in the Free State and Mpumalanga. The regional averages ranged from 79,9 kg/hl in the Western Cape to 83,1 kg/hl in the Irrigation areas. All national, seasonal and regional averages reported are weighted averages.

The **whole wheat protein** average of 12,1% decreased by 0,5% compared to the previous season. The ten-year national average is 11,9%. The percentage samples with a protein content exceeding 12,0%, decreased from 63,5% in 2017/18 to 53,7% this season. This decrease can be attributed to the severe drought conditions experienced in the Western Cape last season that lead to above average protein values being observed. During the 2016/17 season this percentage was 47,8%. The protein content is reported on a 12% moisture basis.

The Summer rainfall and Irrigation areas of the Free State reported the highest whole wheat protein average, namely 13,1%. The Irrigation areas averaged 12,1% and the production regions in the Winter rainfall area of the Western Cape 11,8% (**Graph 1**).

The national weighted average **falling number** value was 397 seconds, higher than last season's average as well as the ten-year weighted average value, both 371 seconds. Five of the samples analysed for this survey reported falling number values below 250 seconds and of these only one was below 220 seconds. The samples originated from North West, Mpumalanga and Limpopo. From the results of the 21 surveys, the conclusion can be made that low falling numbers are not a major concern for local wheat producers.

SAGL's sincere appreciation to the Winter Cereal Trust for financial support of this annual survey, to Agbiz Grain members for providing the crop samples as well as DALRRD (previously DAFF) inspectors at the harbours for providing representative samples of each shipment of imported wheat.



The Konica Minolta CM-5 spectrophotometer used to measure flour colour. The model uses lightness (L\*) and two colour values (a\* and b\*). Generally speaking, a bright white colour flour is more desirable for most products.

The weighted average percentage **screenings** obtained with a 1,8 mm slotted sieve was 1,49%, slightly lower than the previous season's 1,51% and also the lowest value of the last six seasons. The Winter rainfall areas reported the highest average percentage, namely 1,80% and the Irrigation areas the lowest of 1,07%. Twenty four (7%) of the 337 samples exceeded the 3% maximum permissible screenings level for grade B3 and of these, nine exceeded the 4% maximum permissible level for grade B4. Most of these samples originated in the Western Cape.

45% of the samples was **graded B1**, 26% was graded B2, 9% was graded B3, 4% was graded B4, 14% Utility Grade (UT) and 2% Class Other Wheat (COW). The majority of samples (75%) downgraded to Utility Grade was as a result of either the percentage screenings or mainly the percentage other grain and unthreshed ears, individually, or in combination with the combined deviations, exceeding the maximum allowable level for grades B1 to B4. Most of these downgraded samples originated from the Western Cape.

Grade B1 wheat in the Free State province amounted to 68% (51% in the previous season). In the Irrigation areas 50% (43% in the previous season) of the wheat was graded as B1 and in the Western Cape Province 37% was graded as B1 (48% in the previous season).

The **1000 kernel mass**, reported on a 13% moisture basis, increased from 37,7 g last season to 39,2 g this season. The

# QUALITY of the 2018/19 season's IMPORTED WHEAT

Jolanda Nortjé

THE SOUTHERN AFRICAN GRAIN LABORATORY npc

Composite samples of imported wheat were tested for the presence of mycotoxin residues and the results in general did not raise any concerns.

2016/17 season's average was 38,6 g. Averages over production areas varied from 36,1 g in the Free State to 40,2 g in the Irrigation areas.

The **mixogram** peak time of flour milled on the Quadromat Junior mill averaged 2,8 minutes and compared well with the 2,7 minutes of the previous three seasons. The ten-year average is 2,9 minutes. The mixogram peak time of flour milled on the Bühler laboratory mill was on average 2,6 minutes, equal to the previous three seasons. The extraction on the Bühler MLU 202 mill decreased to 71,3% this season.

**Colour** is an important parameter of milled wheat since the colour of wheat flour affects the colour of the finished product, like the crumb colour of a loaf of bread. Generally speaking, a bright white colour flour is more desirable for most products. The Konica Minolta CM-5 spectrophotometer measures flour colour by means of the CIE L\*a\*b\* (CIELAB) colour model. The model uses lightness (L\*) and two colour values (a\* and b\*). The colour is measured "as-is", in other words on a dry sample and does not require a slurry as in the case with other instruments like the Kent-Jones instrument.

Mill settings (how hard the wheat is ground) and the resultant extraction rate, as well as the choice of different mill streams being combined into a specific type of flour, determine the colour of a flour sample. Wheat colour (white vs red), cultivar as well as soil mineral composition are also factors affecting flour colour with regards to lightness and yellowness. Since these samples were all milled on the same laboratory scale Bühler MLU 202 mill without any setting changes, the variation in colour values observed in **Graphs 2 to 4**, excludes milling effects.

TO PAGE 12 >>>

**WHEAT PROTEIN**  
Whole wheat protein is above the ten-year average but decreased compared to the previous season, due to drought conditions.

**M**ONITORING THE QUALITY of imported wheat is important to the entire wheat value chain, since South Africa relies on imports to supply local demand. During the period 1 October 2017 to 30 September 2018, 231 samples of wheat imported for local use and representing 2 173 234 tons of wheat, were received from eleven countries and analysed by the Southern African Grain Laboratory NPC.

The countries of origin with number of samples received in brackets, were: Argentina (28), Canada (9), Czech Republic (6), Germany (27), Latvia (7), Lithuania (10), Poland (5), Romania (12), Russian Federation (99), Ukraine (10) and USA (18). Wheat imported for purposes other than bread baking (e.g. soft types for biscuit making) is included in this data set.

7% of the samples had **hectoliter mass** values below 77 kg/hl (minimum requirement for South African grade B1 wheat), compared to the 18% and 7% of the previous two seasons. These samples originated from Argentina, Germany, Romania, Russian Federation and the USA, which reported the lowest hectoliter mass values overall.

**Screenings** represent all material that passes through a standard sieve (1,8 mm), with 3% the maximum allowed for grades 1 to 3 according to RSA grading regulations. Samples from the Russian Federation and the USA also reported the highest levels of screenings, which explains the low hectolitre mass values observed on these samples at least in part.

None of the samples reported **falling number** results below 220 seconds. The wheat imported from Romania had the highest average falling number value, which equaled the RSA national average for the same season.

As in previous seasons, a general trend towards lower gluten contents, lower farinograph water absorptions and shorter development times, lower alveograph strengths and shorter distensibility values (leading to higher P/L values), compared to South African wheat, are observed. This observation excludes the wheat originating in Canada.

Most of the imported wheat samples, again showed a tendency towards longer **mixogram** mixing times (in excess of 4,0 minutes). Some of these long mixing times can be explained by low protein levels in the samples.

Flour having undesirably low protein starch ratios, require more time to produce continuous protein phases during mixing. Mixing time provides an indication of the amount of time needed to mix the dough to optimum development, between 2,8 and 3,5 minutes are considered acceptable in South Africa.

Composite samples of holds per shipment per country were tested for the presence of **mycotoxin** residues by means of a multi-mycotoxin analysis. A total of 78 samples were tested and the mycotoxin results in general did not raise any concerns. Deoxynivalenol (DON) residues were observed on some of the samples, but none of the levels exceeded national or international maximum allowable levels. Ochratoxin A residues were observed on one sample from Canada and this value exceeds maximum allowable levels of amongst other the European Union and Codex.

During the 2018/19 marketing season, a total of 1 356 631 tons of wheat have been imported for use in South Africa. 30% of this wheat originated in Germany. The last samples of this season have just been delivered to SAGL and the results will be updated to the SAGL website as soon as the analyses have been completed. The results of 134 samples are already available at [www.sagl.co.za](http://www.sagl.co.za).

During the first week of the 2019/20 marketing season, 32 841 tons of wheat have been imported from Germany, the Russian Federation and Poland. All import figures were obtained from the South African Grain Information Service's website. 🌾

# QUALITY of the 2018/19 season's LOCAL WHEAT CROP

◀◀◀ FROM PAGE 11

Looking at the range of results per parameter, the variation in results is less than might have been suspected, given that these are the results of 490 composite samples representing wheat from the entire wheat production area over seven seasons. Keep in mind that the minimum and maximum values are based on a single composite sample's result in a specific season. The ranges in values for L\*, a\* and b\* respectively are 2,42, 0,58 and 3,44 while the reproducibility of the methodology based on duplicate determinations of identical test material where laboratory, operator and equipment can vary, is 1,268, 0,222 and 0,894 respectively.

**Flour protein** content decreased from 11,3% last season to 10,9%. Wet gluten (14% moisture basis) averaged 30,1% and dry gluten, also on a 14% moisture basis, 10,1%. In the previous season, these values averaged 30,7% and 10,4% respectively. The average **gluten** index value was 94 (93 last season), ranging between 71 and 99. The gluten index provides an indication of the gluten strength (higher being better) and is not influenced by the protein content. A value between 70 and 100 is generally accepted as good quality for pan bread baking purposes. The average ash content was calculated to be 0,60 % on a dry basis (moisture free basis), equal to the previous season.

The **farinograph** analysis resulted in an average water absorption of 60,5% (60,3% the previous season) and an average development time of 5,0 minutes (5,5 minutes the previous season). The stability value of 7,0 minutes was one minute shorter than the previous average, but still within the acceptable range.


The average **alveogram** strength was 34,6 cm<sup>2</sup> and the average P/L value 0,81 (39,2 cm<sup>2</sup> and 0,81 the previous season). The distensibility of the dough as determined by the Alveograph decreased, compared to the previous season, indicating a more elastic dough. The stability value was equal to last season.

The average **extensogram** strength was 92 cm<sup>2</sup> (106 cm<sup>2</sup> previous season), confirming the weaker dough strength trend this season observed with the Alveograph. The maximum height in Brabender Units were also lower than last season (350 BU in 2018/19 and 382 BU in 2017/18). The extensibility values compared well, 191 mm now and 198 mm previously.


## Mycotoxins

Forty wheat samples, randomly selected to represent different regions and grades, were tested by means of an accredited multi-mycotoxin method. Of these, five samples tested positive for deoxynivalenol (DON) residues. The average value of the five positive results was 217 µg/kg (ppb) and the highest value measured 361 µg/kg, which is well below national and international maximum allowable levels.


Amendments to Government Notice No. R. 1145, dated 8 October 2004, published in Government Notice No. 987 of 05 September 2016, specify that: Cereal grains (wheat, maize and barley) intended for further processing, may not contain more than 2 000 µg/kg of Deoxynivalenol. Flour, meal, semolina and flakes derived from wheat, maize or barley, ready for human consumption, may not contain more than 1 000 µg/




**Graph 1: Protein content distribution between the three production areas.**



**Graph 2: Average L\* value per season over seven seasons.**



**Graph 3: Average a\* value per season over seven seasons.**



**Graph 4: Average b\* value per season over seven seasons.**

kg of Deoxynivalenol.

Mycotoxin risk in grain produced, differ from season to season in the same region and also from region to region, because the occurrence and concentration levels of mycotoxins are influenced by climatic factors during the pre-harvest production period. Annual survey results of mycotoxin contamination in local as well as imported wheat and other grains are therefore critically important. 🐦

# Crop insurance as risk management tool

**Johan van den Berg**  
SANTAM AGRICULTURE

**THE CLIMATE OF SOUTHERN** Africa is highly variable due to the geographical position in terms of the halfway distance between the warmer conditions closer to the equator to the north, and the very low temperatures of the South Pole to the south. Adding the relative small land mass of the African subcontinent, splitting two massive oceans of different temperature characteristics, it can create some "perfect storm" scenarios. Adding the additional effect of global warming and climate change, it can intensify extremes of climate elements on the subcontinent.

For decision making processes in agriculture, is it important to have a good understanding of the climate of a specific farming area where activities are planned. Long term average climate statistics are more than often misleading and it is important to analyse risks in more detail.

An example is to look at the occurrence of events and extremes: What is the frequency of occurrence? What is the maximum extent of damage possible; At what time of the season is the risk at its highest, etc.

For the climate element of rainfall it is even more important to determine the risk for drought and extreme high rainfall events. A characteristic of rainfall in Southern Africa is the occurrence of multiple years of below average rainfall, creating super droughts due to the cumulative effect of semi-cycles of three to seven years or even longer of below average rainfall. It is difficult for farmers to survive extended periods with low production and low income without government assistance.

Wetter periods are also part of the climate system. Consecutive seasons with above average rainfall is also not uncommon and poses a different set of risks like a higher incidence of hail, increased incidence of pests and diseases, and different nutritional demands of crops.

Risk management is the process how to determine the type and extent of risk, but more important how to manage risk to mitigate the effect on the final outcome. There are some ways to manage risk:

- Avoid the risk. If the rainfall is too low to plant, the soils not suitable for crop production or commodity prices too low, do not try to produce grains. Avoid the risk by not planting.
- Reduce the risk. Conservation tillage, water management and only plant when sufficient water is available, are examples to reduce the production risk. The total risk can also be reduced by diversification, geographically or with different enterprises.

- Transfer the risk. Insurance can be an option to transfer the risk. An insurer can manage the risk better or more cost effective by the pooling effect of combining risks of a large number of clients. This is valid for a peril like hail where there is a more random occurrence of damage. Losses caused but a peril like drought can extent, however, over large areas and involve many clients. Insurers are often reluctant to cover drought due to the extent of the potential losses in one season.

- Accept the risk. Budget to assimilate the potential losses. This is often very difficult, especially in areas where severe damage can occur. A money saving plan is often not sufficient to cover losses and even worse, when consecutive severe losses occur. A combination of risk acceptance and risk transfer (insurance) is often used to manage risk.

- Exploit the risk. Develop new ways to use the risk in such a way to offset the initial effect. When drought occurs it is often better to cut grains for silage to utilise the dry matter than to wait for a total crop failure.

- Ignore the risk. This is an option when the risk is very low. It is, however, not a good option when the premium is too high and not "affordable". A high premium rate is an indication of the risk and must be taken seriously. The question to be asked when considering to ignore the risk, is if the farmer can afford not to transfer the risk to an insurer. Can he carry the loss or losses on its own without serious consequences for his future?

Crop insurance is a valuable tool in the risk management process. It is, however, not the only consideration to ensure good risk management and must be used in combination with sound decisions in the bigger picture of sustainability. ♡

13

**Boerdery het verander.**  
Behoort jou versekering nie ook dieselfde te doen nie?

Bel jou makelaar of gaan na [www.santam.co.za/products/agriculture](http://www.santam.co.za/products/agriculture) vir meer inligting.

**santam**  
landbou

Santam is 'n gemagtigde finansiële-diensverskaffer (lisensienommer 3416).

# Gewilde Nampo Kaap kry 'n ekstra dag

**Jan Greyling**  
MEDEWERKER

**I**N DIE HUIDIGE tydsgewrig met klimaatuitdagings en 'n toenemende kosteknypang waarin boere verkeer, voldoen Nampo Kaap op Bredasdorp aan 'n groot behoefte. Dit is daarom goed om te bevestig dat die handelskou in 2020 tot vier dae verleng is, van Dinsdag, 8 tot Vrydag, 11 September.

Vanjaar het meer as 21 000 betalende besoekers oor die verloop van drie dae die skou in die Overberg besoek – bykans 30% meer as in 2018. Terugvoering van die plaaslike owerheid en plaaslike sakelui in die Kaap Agulhas-streek oor Nampo Kaap 2019 is baie gunstig. Die streek se leierskap bevestig dat die waarde van die skou vir die plaaslike gemeenskapp en die sakesektor reeds van veel meer waarde was as tydens die eerste Nampo Kaap in 2018, toe almal ook positief verras was.

Boere en uitstallers is dit eens dat dié jaarlikse tentoonstelling van vergelykbare produkte en dienste, persoonlike kontak en die samesyn nou meer as ooit vir die bedryf van waarde is. Dit word gesamentlik aangebied deur Bredasdorp Park (niewinsgewende maatskappy) en Graan SA.

In 'n opname na afloop van NAMPO Kaap 2019, wat van 4 tot 6 September aangebied is, het 87% van die steekproef van 157 deelnemers van korporatiewe, groot, medium en klein besighede saamgestem dat die regte besoekers vir hul produkte en dienste vanjaar by die skou uitgekom het.

Sowat 7% uitstallers wat in 2018 deelgeneem het, se terugvoering is dat hul besigheid vanjaar met meer as 30% gegroei het. In geheel het 44,6% se besigheid met tussen 10 en 30% toegeneem. 45,5% het die skou as "baie goed" beleef, terwyl bykans 35% van hulle Nampo Kaap 2019 as "uitstekend" beskryf. 17,3% sê die skou was "goed" en sowat 2% sê dit was "redelik".

"Dit is veral die organisasie, die omvang en die groter aantal uitstallers se netjiese, gehalte uitstallings wat verseker dat ons aanstaande jaar weer hier sal wees en nog vriende en familie saambring," sê hulle. Besoekers is beïndruk met die atmosfeer en dienslewering tydens die skou.

98,7% besoekers meen die bestuur en organisering van die skou was "goed tot uitstekend". Bykans 92% van die



Saam met die uitstallers was die meer as 21 000 besoekers by Nampo Kaap baie tevrede met aanbiedings, terrein en organisering van die tweede skou op Bredasdorp Park. Ondanks wisselende weers-toestande was daar genoeg tyd om buite-uitstallings en demonstrasies te benut.



**Die Sonderend-skeurploeg is geskik vir lusernlande en om kompaktering reg te stel. Dit kan met driepuntkoppeling gehaak word of as sleepmodel en word volgens behoefte met 5 tot 13 tande vervaardig.**

deelnemers het die skoupersoneel as "baie" tot "uiters" hulpvaardig beskryf. Meer as 99% van die uitstallers was heeltemal tevrede met die ontvangs van alle noodsaaklike inligting voor die skou.

Aspekte wat volgens besoekers en uitstallers aandag vereis, is stalletjiegroottes, meer en beter eetplekke, elektrisiteitsvoorsiening, die laaigeriewe en netjieser kleedkamers.

Sowat 40% van die terugvoering is van nuwe uitstallers. 50% is van die Wes-Kaap afkomstig en sowat 20% is van nasionale hoofkantore af, wat in die Overberg gaan kuier het. Bykans 17% is van Gauteng af, sowat 2,5% van Noordwes en KwaZulu-Natal en bykans 2% van die Vrystaat af. Vanjaar was 6% van die terugvoering van internasionale uitstallers af.

Bykans 98% het die skousekuriteit, die terrein se infrastruktuur en die kos as "goed" tot "uitstekend" ervaar. 99,4% van die besoekers en uitstallers meen Nampo Kaap 2019 se uitstallings was "baie goed".

Wat die uitstallers betref is berig dat John Deere en Claas IH baie goeie sake met groot trekkers en stropers gedoen het, terwyl motorhandelaars baie tevrede was met bakkieverkope. ♡



Case IH se nuwe Axial-Flow 250 reeks stropers is die eerste keer op Nampo vertoon. Hierdie is die 8250-model.



Die kenmerkende Cat-geel kleur van hierdie gerestoureerde 1934 Caterpillar stootskraper het net soveel aandag getrek as die gesonde klank van sy viersilindermasjien. Cobus Dreyer (regs agter) van die GTS Plant Company het besoekers meer vertel van die veteraan.



Anru Kritzinger (6 jaar) en sus Leila (4 jaar) van Struisbaai geniet die Komatsu-stootskraper van Moreson Grondwerke soos 'n kleuterskool se klimraam.



Die fakulteit landbouwetenskappe aan die Universiteit van Stellenbosch gebruik hierdie Wintersteiger-perseelstropers in hulle klein-graannavorsing. Henzel Saul het belangstellendes ingelig oor die fakulteit se navorsing.



Met sy rolstaaf verwyder pas die kompakte New Holland-boordtrekker gemaklik onder die Guardian-spuiter. Die trekker is die TD 3.50F-model met twee- of vierwiel aandrywing vir boorde en wingerde en die hoogloper is die SP310F-model waarvan die onderstel 1,98 m bo die grond staan.



Die ruim sale en verskeidenheid temas van stalletjies is goed benut deur die meer as 21 000 besoekers. Dit het ook 'n kuier-atmosfeer geskep en vele vriende het die sale se eet- en rusplekke gebruik om bande te hernu.



# Oorweeg peulgewasse se lewensvatbaarheid as alternatief

Jan Greyling  
MEDEWERKER

**Tydens *Nasie in Gesprek* by Nampo Kaap 2019 op Bredasdorp is uitdagings en moontlike alternatiewe toekomstgewasse bespreek. Die sessie het baie belangstelling gelok. Huidige landboutoestande vereis nuwe denke oor alle moontlike alternatiewe kontantgewasse vir die wintergraanstreek.**

**DIE WERKLIKHEID VAN** koringproduksie in Suid-Afrika is dat produksiekoste reeds vir dekades nie deur opbrengs gedek word nie. Koste en opbrengs verskil al verder van

mekaar. Dit verskerp verliese en produsente bly toenemend onder druk. Die uitgawes weeg net te swaar op teen die inkomste om volhoubare wins moontlik te maak.



Sensako het die skou benut om hulle uitgebreide inligtingspakket aan boere bekend te stel. Dit sluit artikels en videos oor koringkultivars en koringteling, navorsing, koringkwaliteit en die vertolking van proefresultate in. Die pakket bevat ook tegniese inligting oor bemesting, insekbeheer, onkruidbeheer en saaidigtheid van koring. Video's waarin prof ZA Pretorius koringsiektes toelig en Sensako se kultivarriglyne is deel van die pakket. Driecus Lesch en Stephan de Groot was deel van die Sensako-span by Nampo Kaap.



Met beperkte landbougrond en hulpbronne bied kunsmatige tonnels meer geleentede vir voedselproduksie. Een voordeel is waterbesparing en dat kweektoestande beheer kan word. Pieter Coetzee van Haygrove Tunnels het verduidelik wat alles haalbaar is met sulke tonnels.



Ekonomiese en doeltreffende waterverspreiding is een van Franklin Electric se fokuspeunte met hulle uitstalling van onder meer pompe. Conrad Adendorff en Jacques van Wyk het besoekers by hulle uitstalling te woord gestaan.



Om só kragtig met 'n hamer te slaan dat die klok lui was 'n groot uitdaging vir jongmense en ander besoekers by Ford se uitstalling.





Die gesprekkeleier, Theo Vorster, uitvoerende hoof van Galileo Capital, se paneel kundiges was dr Dirk Strydom (ekonoom, Graan SA), Gert Claassen (produsent, Swartland), Richard Krige (nasionale Garskomitee-voorsitter en Overbergse produsent), Cobus Bester (produsent, Swartland) en Willem Botes (Universiteit van Stellenbosch: Agri-wetenskappe).

Dr Strydom sê kommoditeite is tans in 'n superproduksiesiklus, met laer pryse. Hy voorspel dat pryse vir die afsienbare toekoms sywaarts gaan beweeg. Die vraag is hoe om die bedryf weer winsgewend te kry en na 'n selfvoorsieningstatus te beweeg, sonder te veel invoer.

"Die plaaslike koringbedryf is die afgelope dekade in 'n koste-knyptang. As bedryf het ons koppe bymekaar gesit en op aksiestappe besluit. Dit sluit in stelsels om saadtelers aan te moedig om nuwe tegnologie-beleggings te maak, regulatoriese maatreëls oor nuwe kultivars, prysstruktuurhersiening, en die minister van landbou se handtekening wat vir 'n hersiene graderingstelsel ingewag word."

Hy sê hierdie stappe sal die pryspotensiaal na 'n nuwe vlak neem en aandag gee aan die struktuur. "Die vraag is wat volgende. Die genetika moet reggekry word om die beste kultivars te bied om opbrengste te verhoog. Tweedens moet vraag en aanbod in balans kom. Die produsent moet wisselbou sinvol kan toepas en ons moet kyk watter ander winsgewende gewasse ingebring kan word om nie op so groot koringkomponent staat te maak nie. Plantvermeerdering-regulasies maak dit nie maklik om oornag 'n nuwe kukltivar in te bring nie."

Mnr Botes verduidelik dat, anders as met mielies, waar groot opbrengsvooruitgang oor die laaste twee dekades beleef is, koring se genoom uiters kompleks is. Enige manipulerings of verandering hieraan het baie min invloed op die uitkoms. "Koring en mielies is hier nie vergelykbaar nie. Koring is een van die laaste groot stapelvoedsels. Dit het 'n baie groot genoom en 'n heksaploïed, wat beteken dat dit evolusionêr tussen drie genome bestaan, baie meer kompleks as rys of mielies. Met koring moet enige verandering oor al drie genome ingeteel word."

Mnr Krige sê die Wes-Kaapse wintergraangebiede se reënval is vanjaar net sowat 50% van die langtermyn-gemiddeld. "Twintig jaar gelede sou dit 'n totale katestrofe tot gevolg gehad het. Te danke aan nuwe praktyke en tegnologie is daar tans nie 'n totale misoes nie," sê hy.

Volgens Gert Claassen, wat in die Swartland boer, het hulle vanjaar 'n goeie begin gehad, maar in Junie was dit droër en tot in September het hulle sowat 60% van die langtermyn-gemiddeld gekry. Hy sê genetika help baie. "Wes-Kaapse koringprodusente is leiërs in fyn bestuur. Die voorspelde hitte is niks goeds nie en bring kommer, maar met goeie reën kan ons naby aan 'n gemiddelde oes kom."

Cobus Bester van die Moorreesburg-streek sê by hulle is verwagtinge ondergemiddeld vergeleke met die norm. "Die droogtesiklus byt die manne en aanpassings van ons kant af is dringend nodig. Winsmarges in die marginale gebied is die groot uitdaging." Hy sê daar is kultivars wat reeds langer as 20 jaar beskikbaar is, wat in sommige gebiede steeds baie goed doen. Mnr Botes sê dit is omdat die kultivars baie stabiel is.

Mnr Botes bevestig dat veral SST 88 se gehalte eienskappe steeds ingeteel word. Ná meer as 20 jaar lewer SST 88 nog



**Sommige van die panelede met die Nasie in Gesprek oor die toekoms van graanproduksie in die Wes-Kaap tydens Nampo Kaap 2019 was Richard Krige, Cobus Bester en Willem Botes. Foto: Jan Greyling.**

getrou resultate. "Navorsers en bedryfsorganisasies ondersoek alternatiewe peulgewasse se lewensvatbaarheid. Sommige van die gewasse sluit lensies, kekerertjies en hawer in. Navorsers en telers se fokus was te lank net op dit wat bó die grond gebeur. Die noodsaaklike, nuwe fokus is op nuwe kultivars met goed-ontwikkelde wortelstelsels," sê hy.

Volgens al drie produsente kan opbrengs eers gejaag word wanneer risiko reg bestuur word. Dit is die grootste prioriteit.

Mnr Krige sê Wes-Kaapse boere het beheer oor hul bewerkingspraktyke. Bewarings- of herlewingslandbou word wyd aanvaar en toegepas. Hulle is dit eens dat 'n peulgewas noodsaaklik is in 'n wisselboustelsel, vir grondgesondheid en winsgewendheid. Mnr Bester sê een van die beste maniere om risiko te verskans is om humus en koolstof in die grond op te bou.

"'n Vee-komponent is ook noodsaaklik om kontantvloei in droogtetyd aan die gang te hou. Ons is bekommerd oor die komende somer se moontlike tekorte aan ruvoer en grondwaterbronne," sê mnr Krige.

Mnr Bester beklemtoon dat sy kultivars daarby moet kan aanpas dat die reënseisoen oor die afgelope tien jaar in dele van die Swartland gemiddeld elke jaar drie weke korter geword het vergeleke met die gemiddeld van die vorige agt dekades. "Dit vereis goeie wortelstelsels."

Mnr Krige sê boere se besluitneming en waarnemingsvermoë sal baie verfynd moet word. Wat op een boer se plaas werk, gaan nie noodwendig by sy buurman werk nie. Mnr Botes beveel aan dat daar soms geluister moet word na ervare boere in die omgewing wat reeds baie droogtesiklusse deurstaan het.

Mnr Bester waarsku kleiner boere om nie te oorkapitaliseer op duur tegnologie nie. "Dit moet sin maak en dit moet werk. Maak seker dat die opbrengsverhoging genoeg bly om die koste te dek," sê hy.

Daar is eenstemmigheid dat produsente nie kan of moet staatmaak op verhoogde pryse nie. Dr Strydom beaam dat boere aan winsgewendheid teenoor koste per ton moet werk. "Die ou produksiebeginsels van optimale opbrengs teen die hoogste wins is nou veral geldig. Al kan invoertariewe die subsidie-faktor neutraliseer moet ons nou ons hulpbronne doeltreffend gebruik." ♡

# Kaapse boere wys hul planne

**H**OEWEL BOERE NIE DAARVAN hou om “wintie” te wees en vir kompetisies in te skryf nie, het inskrywings vir Nampo Kaap se Boereplanne getuig van uitsonderlike vindingrykheid, het Andries Theron van Graan SA se Wintergraan-werkgroep tydens die prysuitdeling op Bredasdorp gesê.

Die beoordelaars was volgens mnr Theron aangenaam veras deur die gehalte van die inskrywings, die vakmanskap en kreatiewe probleemoplossings. Sy lof is deur Chris Burgess van Landbouweekblad beaam, wat gesê het boere is oplossingsgedrewe en kom met oplossings vorendag al gaan dit soms moeilik.

Boereplanne is vanjaar die eerste keer by Nampo Kaap aangebied, gesamentlik deur Graan SA, Omnia en Landbouweekblad. Kontantpryse is vir die eerste drie plekke in vier afdelings toegeken. Die beoordelaars was egter só beïndruk deur André Kirsten se toestel wat rooikatte by skape verjaag dat ‘n spesiale prys toegeken is.

Louis Strydom, Omnia se bemarkingsdirekteur, het boere bedank vir hulle inskrywings, harde werk en moeite. Elke inskrywing was volgens hom uit die boonste rakke. ♣



Liohan Giliomee (naasregs) se plan om stowwe by plante se wortels toe te dien, die rhizo app, het ‘n eerste prys ontvang. Op die foto is Andries Theron (Graan SA), Chris Schoonwinkel (Graan SA), Chris Burgess (Landbouweekblad), Liohan Giliomee en Louis Strydom (Omnia).



Johan Coetzee se beroker vir insekte in graan was die winner in die afdeling vir huis- en tuinplanne.

## Nampo Kaap Boereplanne se afdelings en wenners

Spesiale Prys		
André Kirsten		Rooikatverjaer
Masjinerie, werktuie en landboutuoerusting (aangepas)		
	Naam	Plan se naam
1	Liohan Giliomee	Rhizo app.
2	Cobus van Schoor	Hekstopper
3	Jan-Hendrik Human	Rantspuit
Gereedskap (alle soorte)		
	Naam	Plan se naam
1	Johann Coetzee	Sandspuiter
2	Lafras Venter	Lugfilterskoonmaker
3	Anthony Strydom	Draadtrektoerusting
Huis en tuin		
	Naam	Plan se naam
1	Johann Coetzee	Graaninsekberoker
2	Lafras Venter	Slakkorrelstrooier
3	Gert Daniels	Hoenderhok
Ope afdeling		
	Naam	Plan se naam
1	JP Rossouw	Byewasfondament



André Kirsten van Oranjerfontein by Darling se rooikatjaer het ‘n spesiale prys by Nampo Kaap se Boereplanne ontvang. Dié apparaat speel snags ‘n radiostasie by die skaapkuddes in die veld en word met sonkrag aangedryf.



Omnia is een van die aanbieders by Darling se rooikatjaer het gehelp met die administrasie en uitstalling. Hier is hy by een van die inskrywings – Johan Groenewald van Bredasdorp se spuit.

# Wintergraan en kanola se oeste verklein, sê Oesskattingskomitee

**TWEE VAN DIE DRIE** provinsies wat die grootste bydrae tot Suid-Afrika se koringmandjie lewer se produksie het gedaal tot minder ton as in die 2018-seisoen. Net die Vrystaat was in die Nasionale Oesskattingskomitee se jongste produksieskatting op 24 Oktober 2019 nog in die groen. Ook moutgars en kanola se produksie het in vergelyking met die vorige seisoen afgeneem. Hawermout toon in hierdie stadium 'n groter oes.

## Koring (Tabel 1)

Die verwagte nasionale oes is 1,695 miljoen ton teenoor die vorige seisoen se 1,868 miljoen ton. Weens meer aanplantings, wat die NOK op 540 000 ha bereken, is die opbrengs van 3,14 ton/ha minder as die vorige seisoen se 3,71 ton/ha.

Die verwagte oes in die Wes-Kaap is 682 500 ton (40% van nasionale oes), in die Vrystaat 422 400 ton (25%) en in die Noord-Kaap 281 250 ton (17%).

Produksiedalings teenoor die vorige seisoen is opmerklik in die Wes-Kaap (208 000 ton minder) en in die Noord-Kaap (13 250 ton minder). Uit die Vrystaat word egter 37 400 ton meer verwag.

Limpopo se oppervlakte onder koring en die produksie is volgens die NOK se opnames dieselfde as in die vorige seisoen. In Noordwes het sowel die oppervlakte as die produksie verminder.

Die beraamde oppervlakte geplant in die Wes-Kaap is 325 000 ha of 60% van die nasionale oppervlakte, die Vrystaat het 128 000 ha of 24% geplant en die Noord-Kaap 37 500 ha of 7%.

## Ander gewasse

Die produksieskatting vir moutgars is 364 860 ton, wat 56 640 ton minder is as in die vorige seisoen. Aanplantings het met 12 960 ha toegeneem tot 131 960 ha. Die verwagte opbrengs beloop 2,76 ton/ha teenoor die vorige seisoen se 3,54 ton/ha.


Die verwagte kanola-oes is 81 400 ton, wat 23 100 ton minder as in die vorige seisoen is. Die oppervlakteskatting is 74 000 ha, met 'n verwagte opbrengs van 1,10 ton/ha. Aanplantings is 3 000 ha minder as in die vorige seisoen.

Hawermout (ontbytgraan) se produksie en aanplantings het volgens die NOK toegeneem. Vanjaar se oes kan 34 990 ton beloop teenoor die vorige seisoen se 32 700 ton. Die oppervlakte het met 7 965 ha toegeneem tot 27 200 ha. Die verwagte opbrengs is 1,29 ton/ha.


Die vierde produksieskatting vir wintergewasse vir 2019 word 26 November 2019 vrygestel. Inligting is beskikbaar by [www.sagis.org.za](http://www.sagis.org.za) of by [www.daff.gov.za/links/crop\\_estimates](http://www.daff.gov.za/links/crop_estimates).

**Tabel 1: Hersiene oppervlakte- en tweede produksieskatting vir 2019-koringseisoen. Bron – NOK**


Provinsie	Oppervlakte beplant 2019 (Ha)	3 <sup>de</sup> Produksieskatting 2019 (Ton)	Oppervlakte beplant 2018 (Ha)	Finale oes 2018 (Ton)
<b>Wes-Kaap</b>	325 000	682 500	318 000	890 500
<b>Noord-Kaap</b>	37 500	281 250	38 000	294 500
<b>Vrystaat</b>	128 000	422 400	100 000	385 000
<b>Oos-Kaap</b>	3 100	19 220	1 650	10 730
<b>KwaZulu-Natal</b>	7 500	45 750	7 000	43 400
<b>Mpumalanga</b>	4 000	25 600	3 500	22 740
<b>Limpopo</b>	20 000	128 000	20 000	128 000
<b>Gauteng</b>	1 400	8 400	1 200	7 800
<b>Noordwes</b>	13 500	82 350	14 000	85 330
<b>Totaal</b>	<b>540 000</b>	<b>1 695 470</b>	<b>503 350</b>	<b>1 868 000</b>



**Figuur 1: Koringproduksie 2010 – 2019. Tienjaargemiddeld 1,748 miljoen ton. Bron – NOK.**



**Figuur 2: Moutgarsproduksie 2010 – 2019. Tienjaargemiddeld 317 826 ton. Bron – NOK.**



**Figuur 3: Kanolaproduksie 2010 – 2019. Tienjaargemiddeld 89 250 ton. Bron – NOK.**

# Koring, gars, hawer en kanola se marksituasie



**Nico Hawkins en Sanet Naudé**  
SA GRAANINLICHTINGSDIENS

## KORING

### Internasionale en plaaslike vraag en aanbod

**Tabel 1** toon die internasionale en plaaslike vraag en aanbod van koring in vergelyking met die vorige produksiejaar.

'n Gemiddelde berekende plaaslike voorraad van 271,1 ton (2,1 maand of 65 dae) sal aan die einde van die seisoen beskikbaar wees.

Dit het \$31 per ton gekos om koring van Argentinië af na Suid-Afrika te verskeep en \$37 van die Golf van Meksiko af (VSA koring)

### Invoer en uitvoer van koring

**Figuur 1 en 2** toon die lande en hoeveelhede vanwaar koring ingevoer is, asook die lande waarheen dit uitgevoer is.

### GARS, HAWER EN KANOLA

'n Opsomming van die internasionale en plaaslike vraag- en aanbodsituasie ten opsigte van gars, hawer en kanola, in vergelyking met die vorige produksiejaar, word in **Tabel 2** saamgevat.

**Bronne:** SAGIS, USDA, JSE, NOK, NLBR, Internasionale Graanraad


**Tabel 2: Gars, hawer en kanola se vraag en aanbod.**

Bemerkingsjaar Okt - Sep	Internasionaal			RSA (SAGIS)		
	Vooruitsigte 2019/20			Progressief 2018/'19 Okt '18 - Aug '19		
	Gars Mil ton	Hawer Mil ton	Kanola Mil ton	Gars '000t	Hawer '000t	Kanola '000t
Oesskatting				421,5	Nvt	104,5
Beginvoorraad	18,0	2,0	8,0	186,1	22,7	6,5
Lewerings	154,1	22,9	69,5	425,7	33,2	104,1
Invoer	27,6	2,4	15,6	0,0	23,5	0,0
Aanwending <sup>(a)</sup>	150,5	22,4	70,8	317,8	59,5	92,6
Uitvoer <sup>(b)</sup>	28,1	2,6	15,8	25,6	0,0	0,0
Eindvoorraad	21,0	2,3	6,6	269,6	20,0	19,1


(a) Ingesluit produsente-onttrekkings, saad en eindverbruikers

(b) Ingesluit heelgraan en produkte

Bronne: SAGIS, Internasionale Graanraad



**Figuur 1: RSA koringinvoer (ton) volgens oorsprong 1 Okt 2018 – 20 Sept 2019.**



**Figuur 2: Koringuitvoer (ton) na Afrika 1 Okt 2018 – 20 Sept 2019.**

**Tabel 1: Internasionale en plaaslike en vraag en aanbod vir koring.**

Bemerkingsjaar	Internasionaal				Plaaslik			
	Projeksie 2019/'20	Projeksie 2018/19	% Vergelyking A & B	Finaal 2017/'18	Prog. 2018/'19 Okt '18 - Aug '19	Projeksie 2018/'19	% Vergelyking C & D	Finaal 2017/'18
		A		B		C		D
	Julie tot Junie (miljoen ton)				Oktober - September ('1000 ton)			
Oesskatting					1 868,0	1 868,0	21,7	1 535,0
Beginvoorraad	277,2	281,9	7,6	262,1	721,5	721,5	111,3	341,4
Lewerings	765,5	730,8	-4,1	762,3	1 845,2	1 846,5	19,3	1 547,5
Invoer	176,8	170,2	-5,3	179,8	1 037,3	1 400,0	-35,6	2 173,8
Totaal: Verwerk <sup>(a)</sup>	752,2	733,0	-1,0	740,3	3 002,1	3 275,5	0,8	3 251,0
Uitvoer <sup>(b)</sup>	180,8	172,7	-5,2	182,1	113,9	123,0	35,5	90,8
Eindvoorraad	286,5	277,2	-1,7	281,9	495,2	575,5	-20,2	721,5

(a) Ingesluit produsente-onttrekkings, saad en eindverbruikers

(b) Ingesluit heelgraan en produkte

Bron: Internasionale Graanraad, NLBR Vraag- & Aanbodkomitee, SAGIS

# Sóveel produkte uit koring vervaardig



**Sanet Naudé en Nico Hawkins**  
SA GRAANINLICHTINGSDIENS

## Koringmeel

Van 1 Oktober 2018 af tot 31 Augustus 2019 is:

- 2 953 796 ton heelkoring in die tydperk van elf maande gemaal.
- 2 481 173 ton koringmeel vir menslike verbruik vervaardig. **Tabel 1** toon die hoeveelhede vir die ooreenstemmende tyd van die vorige jaar.
- 29 179 ton koringprodukte ingevoer en 10 563 ton uitgeoer.

## Panbrood

Vir die tydperk van elf maande is 2,2 miljard panbrode gebak (4,75% meer as in die ooreenstemmende tydperk verlede jaar). Dit is 197,5 miljoen brode per maand of 45,3 miljoen brode per week.

**Tabel 2** toon die vergelykende hoeveelhede vir die ooreenstemmende tydperk van die vorige jaar.

**Figuur 1** toon die totale aantal tipe brode vervaardig en **Figuur 2** toon die totale aantal brode per gewig.

Volgens Statistieke SA het 'n witbrood van 700 g in Augustus 2019 R13,75 gekos. Dit is 5,9% duurder as in Augustus 2018, terwyl 'n bruinbrood van 700 g R12,48 gekos het, wat 7,8% duurder is as 'n jaar gelede.

Koekmeel (1 kg) en broodmeel (1 kg) kos sowat 2,6% en 4,4% goedkoper as in Augustus 2018.


Meer inligting kan by die volgende skakel op SAGIS se webtuiste verkry word: [www.sagis.org.za/products](http://www.sagis.org.za/products).

**Tabel 1: Koringprodukte per maand vervaardig.**


Rapportering volgens heelgraan bemarkingseisoen: Okt-Sep	2017/'18 Okt '17 - Sep '18 (12 maande)	2017/'18 Progr. Okt '17 - Aug '18 (11 maande)	2018/'19 Progr. Okt '18 - Aug '19 (11 maande)	% Jaar op jaar
	Vervaardig (ton)			
Koekmeel	884 754	800 115	951 721	18,9
Bruismeel	17 169	15 679	19 167	22,2
Witbroodmeel	1 139 270	1 047 230	1 130 835	8,0
Bruinbroodmeel	408 574	374 448	398 393	6,4
Ander meel (Industrieel)	121 959	112 382	110 727	-1,5
Volkoringmeel	3 196	2 962	5 161	74,2
Semels	653 359	596 463	670 302	12,4
Semolina	18 675	17 431	7 945	-54,4
<b>Totaal produkte</b>	<b>3 246 956</b>	<b>2 966 710</b>	<b>3 294 251</b>	
<b>Totaal heelkoring gemaal</b>	<b>3 241 580</b>	<b>2 953 796</b>	<b>2 986 638</b>	

**Tabel 2: Pangebakte brode.**

	2017/18	2017/18	2018/19	% Jaar op jaar
	Totaal Okt '17 - Sep '18 (12 maande)	2017/18 Progr. Okt '17 - Aug '18 (11 maande)	2018/19 Progr. Okt '18 - Aug '19 (11 maande)	
Eenhede				
Witbrood	1 116 232 076	1 018 074 591	1 069 462 037	5,05
Bruinbrood	1 125 967 322	1 024 920 536	1 072 112 052	4,60
Heelgraan	30 013 652	27 352 037	26 656 701	-2,54
Ander	3 555 435	3 337 830	4 028 674	20,70
<b>Groototaal</b>	<b>2 275 768 485</b>	<b>2 073 684 994</b>	<b>2 172 259 464</b>	<b>4,75</b>



**Figuur 1: Pangebakte brood volgens soort Okt 2018 – Aug 2019 (eenhede).**



**Figuur 2: Pangebakte brood volgens gewig Okt 2018 – Aug 2019 (eenhede).**



# Agbiz Grain fokus op graan se oorsprong, gehalte, vervoer en mededinging

**Die invloed van die liggingsdifferensiaal, bewaringslandbou, naspeuring van produkte en die vermindering van mikotoksiene was onder die onderwerpe wat tydens Agbiz Grain se sesde graansimposium in Pretoria bespreek is. Agbiz Grain se rol om die koringbedryf te help oorleef is deur die voorsitter, Jerry Maritz, uiteengesit.**

**B**ENEWENS DIE AANBEVELING dat die liggingsdifferensiaal vir koring, mielies en sonneblomsaad behou moet word, behoort dit ook vir sojabone en sorghum van toepassing te wees en die metodiek van berekening moenie veel verander word nie.

Dit is een van prof Matt Roberts van die VSA se aanbevelings in sy verslag aan die Aandeelbeurs (JSE), wat op versoek van die JSE gedoen is. Tydens Agbiz Grain se graansimposium het Raphel Karuaihe van die JSE terugvoering gegee oor prof Roberts se aanbevelings en die JSE se kommentaar daarop. Prof Roberts het 'n dekade gelede 'n soortgelyke ondersoek oor die liggingsdifferensiaal in die Suid-Afrikaanse graanmark gedoen.

Die Suid-Afrikaanse (graan) mark is volgens mnr Karuaihe uniek, onder meer weens die 255 verspreide liggings. Een van die liggingsdifferensiaal se mikpunte is om hierdie liggings gelyk te stel en hulle te harmoniseer.

Hoewel die JSE prof Roberts se aanbevelings ten opsigte van koring, mielies, sonneblomsaad, sorghum en sojabone aanvaar het, meen Graan SA die hele stelsel moet vir alle bedryfsrolspelers verbeter word. In teenstelling met Graan SA se standpunt rondom sojabone, sê mnr Karuaihe die sojaboonmark het nie noodwendig weens die afwesigheid van 'n liggingsdifferensiaal so uitsonderlik gegroei nie.

Die JSE het ook prof Roberts se aanbeveling aanvaar dat die toepassing van die invoerheffing verbeter moet word.

Weens die waarde wat bewaringslandbou meebring word die werklike waarde van natuurlike kapitaal in Suid-Afrika heeltemal onderskat, het prof James Blignaut van die Uni-

versiteit van Stellenbosch gesê. Die verlies van afgetakelde grond en die herstel daarvan is volgens prof Blignaut 'n saak van nasionale belang.

Hy het as voorbeeld die kommersiële voordele van bewaringslandbou in mielieproduksie oor die afgelope twintig jaar op R35 miljoen bereken. Wanneer bewaringslandbou toegepas word, ervaar die produsent aanvanklik 'n afname in inkomste weens die bestuursverandering, maar daarna toenemende winsgewendheid weens verminderde uitgawes, die stelsel se aanpasbaarheid en beter grondvrugbaarheid.

Meer produsente en vervaardigers raak betrokke by die naspeuring van produkte, het Kyle Parker van Traceability Solutions gesê. Sy het nuwe tegnologie soos die gebruik van lasermerkers op voedsel verduidelik sodat naspeuring nie meer van die verpakking af geskied nie, maar van die produk self af.

Met 'n slimfoon kan die verbruiker binne minute self die geskiedenis van 'n gemerkte produk nagaan voor dit gekoop word, het me Parker verduidelik. Die gewone wyse van naspeuring deur 'n derde party kan weke en maande neem om resultate te gee.

Alida de Klerk van Buhler het verder uitgebrei oor gesonde voedsel en graannaspeuring deur te wys op die nadele van mikotoksiene. Sowat 25% gewasse wêreldwyd is daarmee besmet en dit vorm stabiele chemiese verbindings.

Die maksimum aflatoksien B1 wat in voedsel mag voorkom is 2 mikrogram in babakos en slegs 5 mikrogram in grondstowwe wat vir voedsel gebruik word. Afhangende van die soort dier en die streek waarin dit voorkom, mag voer tussen 10 en 50 mikrogram aflatoksien B1 bevat. ♡

# Neem vrag terug na treinspore, vra Transnet Spoorvrag

- Suid-Afrika het 'n spoornetwerk van 30 400 km
- Takspoorlyne is sowat 6 708 km lank, maar 3 350 km daarvan is gesluit en 874 km se spore is verwyder

**DIE VERVOER VAN** landbouprodukte het die grootste groeipotensiaal vir Transnet. Volgens Transnet Spoorvrag se projeksie het hulle tans minder as 30% marktaandeel in die vervoer van landbouprodukte en die massavervoer van vloeibare produkte. Landbou is wel vir Transnet belangrik, het Jan Louis Spoelstra van Transnet Spoorvrag by Agbiz Grain se simposium gesê.

Voor die deregulering van landbouproduksie in 1995 was Transnet se netwerk van takspoorlyne oop en aktief, maar sedertdien is dié netwerk verklein en slegs sowat 50% takspoorlyne is nog aktief.

Tans voorsien groot landbouprodusente hulle eie opbergingsgeriewe en vervoer graan direk na meulens sonder om van landboumaatskappye se silo's gebruik te maak. In teenstelling met spoorvervoer word padvervoer gesubsidieer omdat hulle paaie gebruik wat met belasting gebou en onderhou word.

Om graanvervoer terug te wen na spoorvrag toe moet geïntegreerde oplossings nagestreef word, sê mnr Spoelstra. Die fokus moet op die volledige logistieke ketting val en dit moet geoptimaliseer word. 'n Opgradering van takspoorlyne se doeltreffendheid is nodig en dit moet dieselfde status as hoofspoorlyne kry.

Sover dit Transnet se toerusting betref is spoorwaens met 'n groter vragvermoë nodig. Dit kan die koste van waens sonder vrag verminder maar dit sal nuwe beleggings vereis. Vir 'n herlewing van graanvervoer behoort Transnet hulle vragtariewe te hersien, terwyl silo-eienaars hanteringskoste behoort aan te pas.

Mnr Spoelstra sê silo-eienaars en die private sektor het 'n rol in die herlewing deur huidige silo's se fokus aan te pas tot terminale met meerdoelige hanteringsvermoëns wat onder meer vir vraghouers voorsiening maak. Beleggings in vraghouers is nodig sodat dit vir graan, brandstof en landbou-insetmiddele gebruik kan word.

Wat Transnet se finansiële posisie betref word hulle ongelukkig afgegradeer weens die onderneming se verbintenis met die regering. Dit lei volgens mnr Spoelstra tot hoër finansieringskoste en 'n groter skuldlast met terugbetalings. 🍷

# Graanheffings bewys sukses van SA se stelsel



**SEDERT DIE SA** Agentskap vir Kultivar- en Tegnologie-ontwikkeling (SACTA) tot stand gekom het, is daar nuwe beleggings in teelprogramme, kultivars uit die buiteland word plaaslik getoets en internasionale saadmaatskappye vestig personeel in Suid-Afrika, sê Gert Heyns, hoofbestuurder van dié nuwingsgewende maatskappy.

Tydens Agbiz Grain se simposium het mnr Heyns gesê lupiene en grondbone is waarskynlik die volgende gewasse waar 'n eindpuntheffing vir kultivar- en tegnologie-ontwikkeling ingestel gaan word. Uit koring en gars se heffing sedert die 2016/17-seisoen is sowat R60 miljoen ten gunste van die bedryf aangewend.

“Dit is 'n unieke en praktiese stelsel en gaan 'n groot rol in voedselsekerheid in Suid-Afrika speel,” sê mnr Heyns. “Daar is reeds nuwe plaaslike en internasionale belangstelling in koring en sojabone se saadmark. Ons kan binne drie tot vier jaar op dieselfde vlak as die res van die wêreld wees.”

Die eindpuntheffing is uit drie moontlike heffingstelsels gekies omdat dit selfregulerend is en alle produsente dieselfde bedrag betaal. Met koring en gars het SACTA 'n betalingskoers van 95%. Nog 'n voordeel van hierdie heffingstelsel is dat produsente en telers die risiko deel en dat inkomste volgens 'n kultivar se prestasie bepaal word. As 'n produsent se inkomste weens byvoorbeeld droogte verminder, verminder sy betaling ook.

Die heffing is onlangs vir sojabone ingestel en volgens mnr Heyns het dit nuwe belangstelling in die teling van hierdie gewas veroorsaak. Nuwe biotegnologie vir plaaslike sojaboonverbouing word in 2021 verwag.

Omdat die heffings statutêr ingestel word, moet 20% van die inkomste vir transformasie aangewend word. Die saadmaatskappye en telers ontvang 75,5% van die heffingsinkomste en vir administrasie en kommissie word 4,5% afgestaan.

Mnr Heyns sê alle rolspelers kan die stelsel beïnvloed en 'n positiewe rol speel. Operateurs van graansilo's moet met die inname van graan 'n verklaring van die produsent kry oor die bron van die saad. Graanmonsters moet vir die SA Graanlaboratorium verkry word sodat 'n DNS-ontleding die saad kan identifiseer. Die saadbedryf kan volgens mnr Heyns hulle verteenwoordigers bewus maak van die kultivarverklaring en die bedryf kan SACTA vir onder meer opleiding en inligtingsgeleenthede benut. Die georganiseerde landboustrukture kan die heffingstelsel onder hulle lede ondersteun. 🍷

# Wees dapper en produseer natuurvriendelik

## Bewaringslandbou Wes-Kaap: Jack Human-bewaringskonferensie

Jan Greyling  
MEDEWERKER

***Minimale grondversteuring. Vogbewaring. Dekgewasmengsels. Lewendige wortels. Sigbare herlewing van grondorganismes. Herwinning van uitgeputte koolstofvlakke vir waterbehoud. Kostebesparing en langtermyn volhoubaarheid.***

Hierdie faktore was vervat in die kernboodskap vir gesonde hulpbronbestuur deur natuurvriendelike boerdery, tydens Bewaringslandbou Wes-Kaap se sewende Jack Human-bewaringskonferensie en praktiese dag by die Nooitgedacht Wynlandgoed, Stellenbosch. Sowat 400 landbouers met graan-, wingerd-, groente- en gemengde boerdery het die Jack Human-lesing en praktiese dag bygewoon.

**CHRIS BURGESS, VOORSITTER** van die Jack Human-konferensie in 2019, het boere aangespoor om ernstig te raak oor 'n terugkering na "moeder natuur se bloudruk. Ons moet verstaan hoe ons die natuur se dienste doelgerig deel van elke plaasplan kan maak vir goedkoper maniere om doeltreffender te kan boer".

"Geenbewerking se hoeksteen is dekgewasbestuur. Voor aanplanting moet die regte dekgewasmengsel met die minste maandelike steuring van die grond gevestig word," sê die ervare Egon Zünckel van die Rustenburg Plaas by Bergville in KwaZulu-Natal.

Zünckel produseer die afgelope 23 jaar mielie- en sojaboon-saad met geenbewerking en grotendeels ook sonder kunsmis. In die afgelope nege jaar word dekgewasse ook verbou. Hy gee voorkeur aan 'n 50/50-mengsel van hawer en radys vir die mielielande en hawer as dekgewas op die sojaboonlande, waar hy met een hawerrotasie oor twee seisoene sy sojaboon-opbrengs van 7 ton/ha tot 15,8 ton/ha verbeter het deur gesonde plante en hoë digtheid.

"Ek lees deurlopend meer oor suksesvolle geenbewerking in Suid-Amerika, veral Brasilië. Na verskeie uitdagings is ons nou ten volle terug op geenbewerking en geen kunsmis op

**Bewaringsboerdery het in die Wes-Kaap posgevat omdat een boer, wyle Jack Human, nie wou aanvaar dat dit nie dáár suksesvol kan wees nie. Deur 'n nuwe rigting in te slaan en van meet af aan homself nie omdraaikans te gun nie, het hy en sy familie dit laat werk. Sy bydrae word jaarliks herdenk tydens die Jack Human-bewaringskonferensie.**



Sprekers tydens die Jack Human-bewaringskonferensie by Stellenbosch was Casper Brink (Sporatec), Rens Smit (Universiteit van Stellenbosch), Chris Gazey (Universiteit van Wes-Australië), prof Beatrice Conradie (Universiteit van Kaapstad), Egon Zünckel (graanprodusent, Bergville, KZN), Johan Reyneke (Reyneke Wyn, Stellenbosch) en dr Pieter Greeff (Plantvoedingskundige). Foto: Jan Greyling

beide mielies en sojabone by Bergville en Warden. Ons gebruik nie enige kunsmis op dekgewasse nie. My bewaringsboerdery-pad is eenvoudig: ons moet terugkeer natuur toe en boer tot eer van God om die planeet in 'n beter toestand te laat as waarin ons dit gekry het," sê hy.

Zünckel se gewas- en veeboerdery is ten volle geïntegreerd. Hy bevestig dat die dekgewasse bekostigbare, voedsame en bestuurbare veevoer lewer. "Onthou ook dat vee die maklikste herverspreider van saad in lande is."

Johan Reyneke, eienaar en biodinamiese boer van Reyneke Wyn by Stellenbosch, het sy suksespad met koolstofherwinning in wynwingerd- en groenteverbouing gedeel. Reyneke sien homself as 'n grondboer. Hy het op 'n kwart hektaar begin en dit stelselmatig na die huidige 120 ha uitgebrei.

Reyneke spoor boere aan om in akkerbou- en kontantgewasboerdery die maksimum biomassa rondom plante te



vestig vir die beste moontlike mikrobe-lewe en verhoogde pH in boorde en landerye. Dekgewasmengsels moet ekonomies gekies word om tot die voercomponent, en dus besparing, by te dra.

### Wotels laat grond lewe

Dr Pieter Greeff, 'n plantvoedingsadviseur in die Hexrivierlei, het Johniby Rabie van Oorkant Boerdery by Worcester se positiewe resultate met die skep van 'n gunstige wortelomgewing in tafeldruifproduksie beklemtoon. Volgens hom het Rabie en sy span vier jaar gelede op bewaringsbeginsels begin fokus om vandag, "net soos Jack Human dit self gedoen het", met 'n nuwe erdwurmtrots en meetbare grondherlewing te kan spog.

Greeff moedig boere aan om die basiese begingsels van bewaringsboerdery te integreer en die holistiese benadering te volg wat kennis en verantwoordelikheid vra met die chemiese, die fisiologiese en die biologiese kant. Rabie het dekgewas-saad regdeur sy wingerde gesaai. Deur sementblokke op 'n selfontwerpte roller maak hy die druk swaarder en ligter om dekgewasse met presisie tydsberekening te rol.

"Kies die dekgewasmengselleekse wat ideal vir die streek is en hou dit eenvoudig. Al is die dekgewasplante bogronds dood, lewe die wortels nog en bied uitstekende vobewaring op die biomassa-bankies wat oor jare opgebou word. Grondontledings toon merkwaardige groei in mikrobe-lewe en die opbrengs op belegging is meetbaar positief."

### Langtermyn volhoubaarheid

Boere moet die unieke karakter en behoeftes van elke unieke stuk grond op hul plase deeglik ken. Prof Beatrice Conradie, 'n

landbou-ekoloog van die Universiteit van Kaapstad, sê landerye is nooit staties is nie. Sy het proewe van dr Johan Strauss en sy span op wintergraanaanplantings by die Langgewens Proefplaas in die Swartland toegelig en die positiewe rol van lupiene onder geenbewerking in rotasie-bewaringsboerdery verduidelik.

Prof Conradie sê produsente moet midde die huidige makro landbou-uitgagings dapper genoeg wees om met die beste moontlike inligting tot hul beskikking besluite te neem vir langtermyn volhoubaarheid. Sy stel belang in sake wat boere tans die meeste bekommer en nooi produsente om vrae oor hul huidige boerderykwelpeunte aan haar te e-pos by [beatrice.conradie@uct.ac.za](mailto:beatrice.conradie@uct.ac.za).

### Skulp en seekoraal vir kalkaanvullings

Uit Australië het Chris Gazey, navorsingswetenskaplike van die Universiteit van Wes-Australië en van die departement van landbou, nuwe insigte oor die noodsaaklikheid van kalkaanvullings in die bestuur van grondsuurheid kom gee.

Die interessantheid is dat grondverryking in Australië met massa-ontginde lysand, op natuurlike manier saamgestel uit skulpe en seekoraal – eerder as tradisionele landboukalk – gedoen word. Deur 'n bewusmakingsveldtog word landbougrond strategies uit die natuur self in balans gebring. Deurlopende terugvoering word aan boere gegee oor verbeterde grondgesondheid en toenames in opbrengste.

Ná vanjaar se Jack Human-bewaringskonferensie weet meer boere nou, net soos Egon Zünckel na bykans 'n kwarteeu se ervaring, dat die natuur self al die antwoorde bied. "Neem moeder natuur waar en doen wat jy doen natuurvriendelik," sê hy. ♡

# Veekomponent kan direk by dekgewasse baat

## Bewaringslandbou Wes-Kaap: Jack Human-bewaringskonferensie

Jan Greyling  
MEDEWERKER

**DEKGEWASBENUTTING HOU NIE** net moontlik langtermynvoordele in vir gesonde grondlewe en volhoubare wintergraanproduksie nie. Dit kan ook winsgewendheid positief beïnvloed en tot verminderde voerkoste bydra. Terwyl dekgewasbenutting noodsaaklik is vir verbeterde grond- en ondergrondse waterbestuur, maksimum wortellewe en grondmikrobeherlewing, kan dit 'n sleutel word in winsgewende graan- en vleisproduksie.

Die infasering van dekgewasse kan voordelig wees vir gronddiversiteit en verbeterde grondeienskappe. Dit kan tot verhoogde gewasopbrengs lei en meer bekostigbare, voedsame veeweiding beskikbaar maak. Stel jou voor: verhoogde vee-produksie sonder die koste van voer. Die vraag is of dekgewasbenutting bykomende voordele vir die graanprodusent kan inhou.

Die grondmikrobioloog by Agri Technovation, dr Johan Habig, sê die rol van grondgesondheid is ononderhandelbaar.

"Die voordele wat mikroskopiese grondmikrobes vir die vrugbaarheid en voedingswaarde van graangewasse inhou mag nie onderskat word nie. Mikrobes werk in verhouding met mekaar. Hulle waarde word nie net in getalle gemeet nie. Dit is veral die noodsaaklike onderlinge invloed op mekaar en op die gewasse in die grond wat belangrik is. Wanneer hierdie mikroskopiese mikrobe-fabriek versteur word, kry plantvoedingstekorte en grondgedraagde siektes die oorhand."

Volgens Rens Smit, 'n MSc-student in die Departement Agronomie aan die Universiteit van Stellenbosch en die Direktoraat Plantwetenskappe van die Wes-Kaapse Departement van Landbou, hou beweiding en die maak van hooi met dekgewas biomassa besliste voordele in. Boonop laat

## Veekomponent kan direk by dekgewasse baat...

◀◀ VAN BLADSY 25



dekgewasmateriaal hoogs benutbare voedingswaarde in die grond agter vir gebruik deur daaropvolgende graan- of wisselbougewasse.

Mnr Smit het by die Bewaringskonferensie resultate gedeel van die dekgewasstudie op die Langgewens-navorsingsplaas digby Moorreesburg. Hy en die medenavorsers het twee dekgewasmengsels gebruik met 'n 70/30-verspreiding tussen die graan- en peulkomponente. Dit het 'n oorwegend graanmengsel (70/30) en 'n oorwegend peulmengsel ingesluit.

Boere behoort volgens mnr Smit die minste grondversteuring en beskerming van grondmikrobes na te streef. Ongelukkig maak die veefaktor op graanplase nie net geld nie, dit kos ook geld. Voerkoste het 'n betekenisvolle rol in winsgewendheid. Boere kan egter die koste van dekgewasvestiging en bewerking verhaal deur dit na verbeterde vleisproduksie om te skakel.

“Onthou dat besparing op voerkoste deur dekgewasbenutting indirek tot winsgewendheid bydra. Dit kan deur beweiding, hooiproduksie, grondverbetering en verhoogde veeproduksie, weens voedsame weiding en hooi, bereik word.”

Mnr Smit sê dit kom neer op 'n bestuurskeuse waardeur die wintergraanproducent herlewingslandbou of natuurboerdery die beste kan benut. Boere kan die samestelling van dekgewasmengsels manipuleer en beheer ook oordeelkundige tydsberekening met dekgewasweiding. Boonop kan die boer kies om voer met gebruikspesifieke voedingswaarde op te berg en



te midde van veranderende voedingswaarde dit nougeset te bestuur.

Sou beweiding van dekgewasse gekies word as die metode vir optimale benutting, is dit goed om te weet dat die peuldekgewasse op Langgewens se koringlande propvol proteïene-inhoud met goeie verteerbaarheid was. Proteïene het afgeneem by ouer dekgewasse. Beweiding van proteïenryke dekgewasse kan veral die spiergroei van vee verbeter. Die proteïene-inhoud in die graan-dekgewasmengsel was laer. Meer voer met minder koste is egter daarmee geproduseer.

Die dekgewasse is tien dae lank in die vlagblaarstadium beweide. Met die ekwivalent van 133 ooie/ha het mnr Smit en sy span twee ooie, wat gemiddeld 75 kg geweeg het, in elke kamp laat wei. Hierna het hergroei sodanig plaasgevind dat daar na afloop van die seisoen voldoende bedekking was. Hulle het die hergroei met 'n kneusroller beëindig voordat are waargeneem is.

Op die sagtedeegstadium is die dekgewasse vir hooi gesny en die gerolde areas is gelos om as deklaag te dien. Nadat die hooi, ná droging, verwyder is kon die biomassa per perseel geweeg en opbrengs volgens droëmassabasis bepaal word. Hy herinner dat voedingstowwe tydens hooiproduksie uit die grond onttrek word.

Mnr Smit sê dekgewasbestuur in wintergraanproduksie kan, soos in die Langgewens-studie aangedui word, tot in 'n laat stadium deur beesbeweiding vergemaklik word vir goedkoper voer.

“Bestuur bly belangrik sodat voldoende bedekking aan die einde van die seisoen agterbly. Die moontlikheid van verskeie beskikbare gewasse vir enige dekgewasmengsel verhoog die potensiaal en balans van veevoer uit dekgewasse.”

Hy meen goeie besluitneming oor dekgewasbenutting vereis die oorweging van die gewascomponent saam met die waardevolle integrasie van die dierefaktor. Volgens die waarnemings en resultate by Moorreesburg weeg die voordele van dekgewasbeweiding swaarder as moontlike nadele. Deur doelmatige bestuur kan veeldoelige dekgewasse bydra tot verhoogde volhoubaarheid, produksie en winsgewendheid in die boerdery. ♡

# SAB opens agricultural research and development facility

- R610-million commitment to SA Agri sector underway
  - Close to 700 emerging farmers reached
  - Localisation of barley production underway
  - SAB to be net exporter of hops

**SAB HAS OPENED AN** R80 million agricultural research and development (R&D) facility in Caledon in the Western Cape, which will pilot new farming techniques, technology and crop varieties to accelerate agricultural development in South Africa. The facility will have a critical focus on black emerging farmers.

According to a statement from SAB, it is one of the largest privately funded research and development facilities in South Africa. All research output will be made freely available on a dedicated website, along with weather data, to ensure the benefits are spread as widely as possible to all farmers.

Deputy Minister of Agriculture, Mcebisi Skwatsha, noted that agriculture and agro processing industries play an important role in making a contribution towards economic growth, poverty alleviation and job creation.

With micro-breweries, a malting plant and laboratory on site to test and enhance new varieties of barley for making beer, the centre will open new opportunities for farmers to improve yield and profitability, and for brewers to enhance flavour in their beverages.

The space is designed for collaboration in order to co-create innovative solutions with partners, including the Agricultural Research Council.

The centre will also test new farming techniques and varieties of all cereal crops grown in the region – including oats, barley, canola and wheat – to develop new standards in agricultural best practice and improve food security.

Josh Hammann, SAB Director of Agricultural Development, explained that the R&D facility would test new practices, including the impact of eliminating the use of pesticides in one field and comparing the results with another field sprayed with pesticides, which would be too financially risky for a commercial farmer to try.

The centre will also conduct trials for input efficiency, irrigation, management, growth regulators and crop protectants to build a knowledge base for new and existing emerging and commercial farmers.

The R&D facility is part of a R610-million 5-year investment in agriculture, which is part of the R1-billion public interest commitments SAB made to the South African government at the time of its 2016 merger with AB InBev.

It is expected that SAB will exceed its initial target and commitment to reach 800 farmers in total by 2021 with the figure already close to 700 currently (September 2019) reached. By the end of 2018, the emerging farmers programme was ahead of schedule, with 684 farmers reached – 44% of them women and 15% youth.



**Emerging farmer winners at the opening of SAB's agricultural research and development facility in Caledon, and the deputy minister and representatives of SAB:**

**Ricardo Moreira (Zone President, SAB & AB InBev Africa); Vivian Gosekwang Pico (Female Farmer of the Year winner); Lovedalia Njabulo Mbokane (Young Farmer of the Year winner); Matthews Monapula Senokwane (Barley Farmer of the Year winner); Mcebisi Skwatsha (Deputy Minister of Agriculture); Josh Hammann (SAB Director of Agricultural Development); Januarie Solomon Masingo (Maize Farmer of the Year winner); and Zoleka Lisa (SAB Vice President Corporate Affairs).**

In addition, SAB has set itself a target to fully localise barley production by achieving a harvest of 425 000 tonnes by 2021, and to become a net exporter of hops.

Through agricultural support services company FarmSol, which was set up by SAB specifically for the task, SAB supports emerging farmers with zero-interest bearing loans and helps with procurement, mechanisation, advice and hedging of crops, while also entering into guaranteed offtake agreements which ensure a reliable income and sustainability of the farm.

SAB also co-operates closely with the Agricultural Research Council, and is currently working on an early warning system to detect outbreaks of fall army worm, a pest that invaded the country three years ago and affects all crops.

"Despite the drop in commodity prices and difficult conditions in 2018, the majority of emerging farmers in our programme are already profitable, and our Farmer of the Year award went to a black woman farmer for the first time," said Hammann.

By processing all its maize and barley requirements in South Africa, SAB also supports the government's drive to increase agri-processing in the country, along with its commitments to agricultural development. ♡

# VKB-inligtingsdag : Landbou-uitvoer is 'n veer in SA se hoed

*Tans voel ek dat rede wel besig is om te seëvier en dat sekerheid van private eiendomsreg steeds 'n hoeksteen van die suksesvolle kommersiële landbousektor gaan bly. – Theo Boshoff van Agbiz, aangehaal deur dr Andries Radley, landbou-ekonoom van VKB*

**L**ANDBOU IN SUID-AFRIKA presteer verbasend goed, ondanks druk uit verskeie oorde. Dié bedryf se handelsbalans verbeter en die afgelope twee jaar se toenemende uitvoer is 'n groot prestasie, sê dr John Purchase, hoofbestuurder van die landbousakekamer Agbiz.

Hy het tydens die landboumaatskappy VKB se inligtingsdag naby Frankfort gesê landbouhandel moet nog groter word, maar logistiek is die land se grootste beperking. Handel met Afrika-lande neem baie toe en dit groei bestendig in die Europese Unie, maar die groot potensiaal lê in die Oosterse lande.

Dr Purchase sê hy is bemoedig deur verwickelinge rondom president Cyril Ramaphosa. Dit lyk asof die president sy politieke probleme gemakliker begin bestuur en asof hy 'n sterker mandaat het om sekere besluite deur te voer.

Besigheidseenheid SA (BUSA), waarvan Agbiz lid is, en die presidensie stem saam dat SA se groeikoers te laag is. SA se skuldsituasie is die grootste probleem in ekonomiese groei. BUSA het gewaarsku dat die land moeilikheid gaan ervaar tensy moeilike besluite oor veral Eskom en die SAL geneem word. Mnr Tito Mboweni, minister van finansies, se reddingsplan vir die ekonomie word dus verwelkom, hy het egter steun nodig. Landbou is een van die groeipunte in mnr Mboweni se reddingsplan vir die ekonomie.

Hoewel Suid-Afrika se politieke onbestendigheid en beleidsonsekerheid die sakevertroue en beleggings in landbou benadeel, is daar gelukkig tot dusver nie disinvestering in die bedryf nie. 'n Groot prestasie is dat 36 van 54 landboukommoditeite netto-uitvoerders is.

Wat mededinging betref doen Suid-Afrika nie goed nie. Volgens die Wêreld Ekonomiese Forum se internasionale mededingingsverslag was die land verlede jaar 67e van 137 lande. In 2016 was Suid-Afrika nog in die 41e posisie. Weens onlangse positiewe veranderinge in politieke gebeure en ekonomiese dinamika het die posisie in 2019 tot 60e verbeter.

'n Positiewe punt vir die land is sy voedselsekerheid, maar daar is gevaarligte. Ekonomiese ontledings van alle lande toon dat Suid-Afrika in 'n goeie posisie is, maar 20% van die huishoudings beleef onsekerheid oor hulle voedsel. Weens 'n te lae groeikoers en afname in internasionale mededinging is die bevolking besig om te verarm.



Die sprekers en betrokkenes wat by VKB se inligtingsdae opgetree het: Dr Andries Radley (VKB landbou-ekonoom), Nick Serfontein (Sernick Groep), dr John Purchase (Agbiz), Theo Vorster (Galileo Capital), Theo Boshoff (Agbiz), Piet Potgieter (VKB Ontwikkelingslandbou) en Koos Janse van Rensburg (VKB Groep, besturende direkteur).



Sedert 2010/11 het Suid-Afrika se ekonomiese groei "los" geraak van die wêreld ekonomie. Skuldvlakke, met Eskom ingesluit, raak 'n groot probleem en as dit nie reggestel word nie gaan dit volgens dr Purchase tot 'n massiewe probleem ontwikkel.

Met verwysing na Afrika se bevolkingsgroei het dr Purchase dit bestempel as 'n massiewe geleentheid óf 'n kritieke risiko. China en Indië se gesamentlike bevolking is 36,2% van die wêreldbevolking en hulle lewer 18,7% van die bruto binnelandse produk (BBP). In vergelyking daarmee is Afrika se bevolking byna 17% van die wêreldbevolking maar lewer minder as 5% van die BBP. Teen die huidige koers kan Afrika se bevolking 2 miljard in 2050 wees en in 2100 op 4 miljard te staan kom. ♣

# VKB-inligtingsdag : Wetsaspekte in grondverdeling

**O**NDER DIE PRESIDENSIELE advieskomitee oor grondhervorming se aanbevelings wat geleenthede bied en dadelik toegepas kan word, is finansieringsmodelle, die oordrag van staatsgrond en 'n grondoudit. Daar is egter ook omstrede aanbevelings soos bykomende belasting op onbenutte grond, maar dit is onduidelik hoe dié stap grondhervorming kan bevoordeel, sê Agbiz se regskundige, Theo Boshoff.

Die advieskomitee se motivering vir belasting op onbenutte grond is dat dit meer grond beskikbaar gaan stel. Die grootste beperking in grondhervorming is egter nie die beskikbaarheid van grond nie, sê mnr Boshoff, maar die bestuur en bekostigbaarheid van grondhervorming.

Tydens die landboumaatskappy VKB se inligtingsdag naby Frankfort het mnr Boshoff gesê grondhervorming het wel groot uitdagings maar bied ook geleenthede en hy glo die wiel het begin draai.

Ondanks die besluite en aanbevelings wat verskillende instansies reeds rondom grondonteiening geneem het, glo ontleders nie dat die beoogde grondwetwysiging summier ont-eiening sonder vergoeding gaan voorskryf nie.

Mnr Boshoff het verduidelik dat, hoewel die huidige Grondwet ont-eiening met regverdige en billike vergoeding moontlik maak, dié geleentheid nie in die afgelope 23 jaar vir grondhervorming aangewend is nie.

Die adviespaneel se aanbevelings het moontlik min waarde omdat die Parlement intussen reeds aan 'n ad hoc-komitee

opdrag gegee het om konsepformulering vir 'n wysiging van artikel 25 saam te stel. Hy wonder ook of so 'n grondwetwysiging uiteindelik voldoende stemme in die Parlement gaan kry, sê mnr Boshoff. Dit moet boonop vir openbare kommentaar voorgelê word.

Terwyl befondsing een van die groot beperkings is om voldoende landbougrond vir hervormingsdoelwitte te bekom, het mnr Boshoff verwys na verskeie gelyklopende planne vir finansiering. Dit kry egter nie momentum nie. Agbiz en die Suid-Afrikaanse Bankvereniging (BASA) het reeds in 2015 'n model vir gemengde finansiering opgestel.

Mnr Cyril Ramaphosa het egter onlangs 'n projekantoor in die presidensie gevestig en 'n projekspan saamgestel met die doel om onder meer rompslomp in vennootskappe en samewerkingsooreenkomste uit te skakel. Die projekspan se verwysingsraamwerk moet voor die einde van Oktober 2019 gefinaliseer word.

Mnr Boshoff glo dit gaan baie geleenthede vir kommersiële en ontwikkelende boere meebring. Agbiz skakel gereeld met die projekantoor en gunstige verwickelinge word spoedig in landbou verwag.

Agbiz en BASA se voorgestelde befondsingmodel bestaan uit 50-50-finansiering met 'n toelae van die regering en 'n lening uit die privaatsektor. Dit word beskryf as 'n deursigtige koöperatiewe model waarmee alle begunstigdes gelyke behandeling en die voordeligste ooreenkoms kan kry. ♣

## Success with match-making in cereal industry

**T**HE ASSOCIATION CEREAL SCIENCE and Technology has established itself in the grains and oilseeds industry as the link between students and their future employers. Cereal Science & Technology - Southern Africa (CST-SA) recently held a meet and greet evening for students and potential employers in the industry.

CST-SA is a non-profit association of individuals who are involved in the science and technology of cereals. Sponsors for the event under the auspices of the CST-SA Chair, Mariana Purnell, also General Manager of Agbiz Grain, were The South African Cultivar and Technology Agency (SACTA), The Maize Trust, The Sorghum Trust and the Sasol Agriculture Trust.

The meet and greet event serves as a showcase where young scientists of wheat, maize, barley and sorghum can meet industry role players, explore the scope of job opportunities offered by the grain industry and be exposed to potential employers.

The event brought together 34 students – a critical mass of young cereal researchers with scarce skills, from all over the country. They represent more than ten tertiary education institutions. The students were introduced to the role players

in the grain and oilseeds value chain by industry leaders and organisations that provide bursaries.

The students are mainly recipients of bursaries supported by the Maize Trust, Sasol Agriculture Trust, SA Cultivar and Technology Agency, the Sorghum Trust, FoodBev SETA, SANSOR and several others such as the National Research Foundation.

CST-SA was founded 33 years ago and membership is open and free of charge to all involved in cereal science and technology, says Ms Purnell. All relevant role players are invited to join. It is especially important to strengthen the ties between academia and the industry as well as both the Agri SETA and the FoodBev SETA.

The focus of CST-SA is skills development and as such, with the flagship event being the biennial New Voices Symposium where the students present their research work. CST-SA also strengthens the industry linkages in order to encourage research and active collaboration, advance the knowledge of the science and technology of cereals and other grains through various events with local and international experts in the field, and provide awards student travel and study awards to the benefit of student members. ♣

# Small Grain research: Embracing change, building partnerships



**First row:** Dr Nthabiseng Motete (ARC), Mathala Mokwele (DAFF), Dr Kenneth Nhundu (ARC), Lesego Kok-Ngonyama (FSDARD), Dr Dimakatso Masindeni-Ndou (LDARD), Mariana Purnell (Agbiz Grain), Dr Isack Matthew (UKZN), Dr Maryke Craven (ARC), Ester Malebye (DTI) and Stefan Links (Grain SA).

**Second row:** Lebogang Jack (READ: North-West), Dr Ernst Dube (NMU), Dr Tarekegn Terefe (ARC), Prof Maryke Labuschagne (UFS), Dr Barend Wentzel (ARC), Miekie Human (Grain SA), Dr Vicky Tolmay (ARC), Dr Toi Tsilo (ARC) and Dr Shadrack Dikgwatlhe (LDARD).

**Third row:** Ishmael Tshiame (Winter Cereal Trust), Dr Tshima Ramakuwela (ARC), Petru Fourie (Grain SA), Braam van den Berg (K2 Seed), Gawie Kotze (ABInBev), Jaco Breytenbach (Grain SA), Dr Josh Hammann (ABInBev) and Thato Kganakga (Winter Cereal Trust).

**Back row:** Eugene Muller (K2 Seed), Danie Leeuwner (K2 Seed), Dr André Malan (ARC), Kobus Lategan (DALRRD), Dr Willem Boshoff (UFS), Kobus van Huyssteen (SANSOR), Prof Zakkie Pretorius (UFS), Andries Theron (Winter Cereal Trust), Geoff Penny (WCT/SACB), Dr Kingstone Mashingaidze (ARC), David Molefe (DTI), Willem Kilian (ARC) and Dr Justin Hatting (ARC).

## Justin Hatting

ARC-SMALL GRAIN

**A**LL ROLE-PLAYERS within the South African small grain value chain attended the small grain research planning committee meeting that is held annually by ARC-Small Grain (ARC-SG) in Bethlehem to discuss current and future research and development needs.

Following this year's meeting, all existing projects, as well as new project proposals, were accepted by the meeting as activities that make a positive contribution to the South African small grain industry. This provided ARC-SG the mandate to source the needed funds for all the planned research activities for the immediate future.

As the wheat industry finds itself amidst challenging times, ARC-SG continues to seek new partnerships and acknowledges the significance of change.

Albeit emergence of yet another (5th) Russian wheat aphid biotype, discovery of a new stem rust race, wheat stripe mosaic virus or first reports of yellow rust in neighbouring Zimbabwe, change drives the small grain research agenda. ARC-SG researchers readily accept these challenges and eagerly embrace change, all in support of a food-secure South Africa.

Day one of the meeting was dedicated to industry-funded projects, encompassing the barley, wheat and pecan industries. Among the many progress reports by ARC-SG personnel, two presentations by key stakeholders were contributed: "Supporting emerging farmers and R&D investments" by Josh Hammann from ABInBev, and "Revamping the industrial funding model for sustainable R&D" by Andries Theron from the Winter Cereal Trust.

A new partnership with ABInBev has enabled ARC-SG to dedicate resources also to barley. Year-one progress reports were

covering three crop protection- and two barley pre-breeding-related projects. Significant expansion in the South African pecan industry has also seen contract-research being conducted by ARC-SG entomologists for the South African Pecan Nut Producers Association (SAPPA).

The programme on day two of the meeting covered all Government-funded projects, with invited presentations by David Molefe from the Department of Trade and Industry ("Overview of the DTI incentive schemes") and Dr Kenneth Nhundu from ARC ("Economic benefits of public wheat breeding in South Africa").

In addition to the abovementioned, three new project proposals were tabled in reaction to industry needs:

- Development of powdery mildew resistant germplasm;
- Pre-breeding of diverse Fusarium head blight and mycotoxin resistant germplasm; and
- Epidemiology and control of wheat stripe mosaic virus.

Invitees/participants included representatives of government departments (national and provincial departments), industry funders (Winter Cereal Trust & Anheuser-Busch InBev), government bodies (DTI & DST), grain producers (Grain SA and SAGRA), grain handling and storage (Agbiz Grain), millers (National Chamber of Milling), bakers (SA Chamber of Baking), consumers (SA National Consumer Union), seed marketers (K2 Seed), quality and safety (SA Grain Laboratory & SANSOR), policy and liaison (Wheat Forum) as well as academia (universities) and ARC staff.

The next research planning meeting has been scheduled for 9 and 10 July 2020. 🌾



## 'n Wenresep vir kanola sukses...

### ALPHA TT

- Tipe: TT-baster
- Groeiseisoenlengte: Medium - vroeg
- Opbrengspotensiaal: Hoog
- Olie %: Hoog
- Groeikragtigheid: Uitstekend
- Planthoogte: Medium
- Swartstam weerstand: Weerstandbiedend
- Weerstand teen omval: Uitstekend

### ATOMIC TT

- Tipe: TT-baster
- Groeiseisoenlengte: Medium
- Opbrengspotensiaal: Hoog
- Olie %: Hoog
- Groeikragtigheid: Uitstekend
- Planthoogte: Medium
- Swartstam weerstand: Goed
- Weerstand teen omval: Uitstekend

### AGAMAX

- Tipe: Konvensioneel (baster)
- Groeiseisoenlengte: Kort - Medium
- Opbrengspotensiaal: Hoog
- Olie %: Hoog
- Groeikragtigheid: Uitstekend
- Planthoogte: Matig
- Swartstam weerstand: Goed
- Weerstand teen omval: Baie goed

### DIAMOND

- Tipe: Konvensioneel (baster)
- Groeiseisoenlengte: Kort - Medium
- Opbrengspotensiaal: Hoog
- Olie %: Hoog
- Groeikragtigheid: Uitstekend
- Planthoogte: Medium
- Swartstam weerstand: Weerstandbiedend
- Weerstand teen omval: Baie goed

### QUARTZ NUUT!

- Tipe: Konvensioneel (baster)
- Groeiseisoenlengte: Medium
- Opbrengspotensiaal: Uitstekend
- Olie %: Hoog
- Groeikragtigheid: Uitstekend
- Planthoogte: Medium
- Swartstam weerstand: Weerstandbiedend
- Weerstand teen omval: Uitstekend

### TANGO

- Tipe: Konvensioneel (baster)
- Groeiseisoenlengte: Kort
- Opbrengspotensiaal: Hoog (vaar goed in laer reënval areas)
- Olie %: Hoog
- Groeikragtigheid: Uitstekend
- Planthoogte: Medium
- Swartstam weerstand: Weerstandbiedend
- Weerstand teen omval: Baie goed

Takke:  
Brackenfell: 021 981 1126  
Craddock: 087 365 0010

George: 087 354 1028  
Howick: 033 330 2765  
Kimberley: 053 841 0675

Piketberg: 087 365 3025  
Port Elizabeth: 041 373 9894  
Potchefstroom: 018 294 7470

Pretoria: 012 803 6033  
Swellendam: 087 359 3236  
[www.agricol.co.za](http://www.agricol.co.za)

# AN OCEAN OF BENEFITS

AFRIKELP™  
BIOSTIMULANTS  
promoting growth and yield



As a leader in the production of natural seaweed extracts, **Afrikelp** works in sync with nature for mutual sustainability. Our liquid biostimulants, extracted from the uniquely South African giant kelp, *Ecklonia maxima*, holds multiple beneficial properties to invigorate your crops with the best the ocean has to offer. **Afrikelp** maintains exceptional standards to ensure improved yield, crop quality and tolerance to environmental stress factors.



Have you harnessed the  
power of nature?

**Speak to us to find  
out more:**

**+ 27 21 551 3556**

[www.afrikelp.com](http://www.afrikelp.com)